RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

WERKNEMERSVOORDELE

(AERP 25)

Uitgegee deur die
Raad op Rekeningkundige Standaarde

April 2021

Erkenning

Die Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) oor *Werknemersvoordele* berus op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) 39 oor *Employee Benefits* uit die *Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements* van die International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB), wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants (IFAC), en word met die toestemming van die IFAC gebruik.

Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements © deur die International Federation of Accountants (IFAC). Alle regte voorbehou.

Die goedgekeurde teks van IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is, en kopieë kan verkry word van die:

International Federation of Accountants

529 Fifth Avenue, 6th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: http://www.ifac.org

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2021 deur die Raad op Rekeningkunde Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie. Die goedgekeurde teks is in die Engelse taal gepubliseer.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Werknemersvoordele

	Paragrawe
Oogmerk	.01
Omvang	.02 - .07
Woordomskrywings	.08 - .09
Korttermynwerknemersvoordele	.10 - .26
Erkenning en meting	.12 - .25
Alle korttermynwerknemersvoordele	.12 - .13
Betaalde korttermynafwesighede	.14 - .19
Bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings	.20 - .25
Openbaarmaking	.26
Na-aftredevoordele: Onderskeid tussen omskrewebydraeplanne en omskrewevoordeelplanne	.27 - .52
Multiwerkgewerplanne	.33 - .40
Omskrewevoordeelplanne waar risiko's tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer gedeel word	.41 - .44
Staatsplanne	.45 - .48
Versekerde voordele	.49 - .52
Na-aftredevoordele: Omskrewebydraeplanne	.53 - .57
Erkenning en meting	.54 - .55
Openbaarmaking	.56 - .57
Na-aftredevoordele: Omskrewevoordeelplanne	.58 - .159
Erkenning en meting	.59 - .63
Die rekeningkundige verantwoording vir die afgeleide verpligting	.64 - .65
Staat van finansiële stand	.66 - .71
Bate-erkenningsplafon: Wanneer 'n minimumbefondsingsvereiste tot 'n las aanleiding kan gee	.70 - .71
Erkenning en meting: Huidige waarde van omskrewevoordeellaste en	.72 - .104

huidigedienskoste

Aktuariëlewaardasiemetode .73 - .75

Toeskrywing van voordeel aan dienstydperke .76 - .80

Aktuariële aannames .81 - .86

Aktuariële aannames: Sterftes .87 - .88

Aktuariële aannames: Diskontokoers .89 - .92

Aktuariële aannames: Salarisse, voordele en mediese koste .93 - .104

Vorigedienskoste en winste en verliese by vereffening .105 - .119

Vorigedienskoste .109 - .115

Winste en verliese by vereffening .116 - .119

Erkenning en meting: Planbates .120 - .126

Billike waarde van planbates .120 - .122

Vergoeding .123 - .126

Komponente van omskrewevoordeelkoste .127 - .138

Huidigedienskoste .129

Netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) .130 - .134

Hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) .135 - .138

Aanbieding .139 - .142

Verrekening .139 - .140

Bedryfs-/niebedryfsonderskeid .141

Komponente van omskrewevoordeelkoste .142

Openbaarmaking .143 - .159

Kenmerke van omskrewevoordeelplanne en risiko's wat daarmee verband hou .147

Verduideliking van bedrae in die finansiële state .148 - .151

Bedrag, tydsberekening en onsekerheid van toekomstige kontantvloei .152 - .154

Multiwerknemerplanne .155

Omskrewevoordeelplanne wat risiko's tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer deel .156 - .157

Openbaarmakingsvereistes in ander standaarde van AERP .158 - .159

Ander langtermyn-werknemersvoordele .160 - .167

Erkenning en meting	.163 - .165
Openbaarmaking	.166 - .167
Diensbeëindigingsvoordele	.168 - .181
Erkenning	.174 - .177
Meting	.178 - .179
Openbaarmaking	.180 - .181
Oorgangsbepalings	.182
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.182
Datum van inwerkingtrede	.183
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.183
Onttrekking van die Standaard van GRAP oor Werknemersvoordele (2009)	.184
Bylae A - Gevolglike wysigings van Standaarde van AERP	
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Employee Benefits* (Julie 2016)	

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP)

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekenkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

(a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);

(b) openbare entiteite;

(c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);

(d) grondwetlike instellings;

(e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en

(f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Die bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik "entiteite" genoem.

Die Raad het die toepassing goedgekeur van International Financial Reporting Standards (IFRS® Standards) wat deur International Accounting Standards Board® uitgegee is vir:

(a) openbare entiteite wat aan die maatstawwe van die Lasgewing oor *The Selection of an Appropriate Reporting Framework by Public Entities* voldoen; en

(b) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien dit aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .184 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

.01 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige verantwoording vir en openbaarmaking van werknemersvoordele voor te skryf. Die Standaard vereis dat ŉ entiteit die volgende erken:

(a) ŉ aanspreeklikheid indien ŉ werknemer diens gelewer het in ruil vir werknemersvoordele wat in die toekoms betaal moet word; en

(b) ŉ uitgawe indien die entiteit die ekonomiese voordele of dienspotensiaal verbruik wat die gevolg is van diens wat deur ŉ werknemer in ruil vir werknemersvoordele gelewer is.

Omvang

.02 Hierdie Standaard moet deur ŉ werkgewer toegepas word by die rekeningkundige verantwoording vir alle werknemersvoordele, buiten aandeelgebaseerde betalingstransaksies (kyk die International Financial Reporting Standard® on Share-based Payment), en op die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van bates en laste wat verkry is in ŉ oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer), ŉ oordrag van funksies tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie) of ŉ samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor Samesmeltings).

.03 Hierdie Standaard handel nie oor verslagdoening deur werknemeraftreevoordeelplanne nie (kyk die International Accounting Standard® oor *Accounting and Reporting by Retirement Benefit Plans)*. Hierdie Standaard handel nie oor maatskaplike voordele wat nie teenprestasie is in ruil vir diens wat deur werknemers of voormalige werknemers van entiteite gelewer is nie.

.04 Die werknemersvoordele waarop hierdie Standaard van toepassing is, sluit dié in wat voorsien is:

(a) ingevolge formele planne of ander formele ooreenkomste tussen ŉ entiteit en individuele werknemers, groepe werknemers of hul verteenwoordigers;

(b) ingevolge wetlike vereistes, of deur bedryfsreëlings, ingevolge waarvan daar van entiteite vereis word om by te dra tot nasionale, provinsiale, plaaslike of ander multiwerkgewerplanne of

(c) deur daardie informele praktyke wat aanleiding gee tot ŉ afgeleide verpligting. Informele praktyke gee aanleiding tot ŉ afgeleide verpligting waar die entiteit geen ander realistiese alternatief het nie as om werknemersvoordele te betaal. ŉ Voorbeeld van ŉ afgeleide verpligting is waar ŉ verandering in die entiteit se

informele praktyke onaanvaarbare skade aan die entiteit se verhouding met werknemers kan veroorsaak.

.05 Werknemersvoordele sluit in:

(a) korttermynwerknemersvoordele soos die volgende, indien dit in die geheel betaalbaar is binne twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die werknemers die verbandhoudende dienste lewer:

(i) lone, salarisse en bestaansekerheidsbydraes;

(ii) betaalde jaarlikse verlof en betaalde siekteverlof;

(iii) bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings; en

(iv) nie-monetêre voordele (soos mediese sorg, behuising, motors en gratis of gesubsidieerde goedere of dienste) vir huidige werknemers;

(b) na-aftredevoordele soos die volgende:

(i) aftreevoordele (bv. pensioene en enkelbedragbetalings by aftrede); en

(ii) ander na-aftredevoordele soos na-aftreelewensversekering en mediese sorg ná aftrede.

(c) ander langtermyn-werknemersvoordele soos die volgende:

(i) betaalde langtermynafwesighede soos langdiensverlof of sabbatsverlof;

(ii) ander langdiensvoordele; en

(iii) langtermyn-ongeskiktheidsvoordele; en

(d) diensbeëindigingsvoordele.

.06 Werknemersvoordele behels voordele wat óf aan werknemers óf hul afhanklikes verskaf word en by wyse van betalings vereffen kan word (of deur die voorsiening van goedere of dienste) wat óf regstreeks aan die werknemers, hul eggenote, kinders of ander afhanklikes óf aan ander entiteite soos versekeringsmaatskappye gemaak kan word.

.07 ŉ Werknemer kan dienste aan ŉ entiteit op ŉ voltydse, deeltydse, permanente, los of tydelike grondslag lewer. Vir die doel van hierdie Standaard sluit werknemers bestuur in soos in die Standaard van AERP oor *Openbaarmakings oor Verwante Partye* (AERP 20) omskryf.

Woordomskrywings

.08 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenisse:

Woordomskrywings van werknemersvoordele

***Werknemersvoordele** is alle vorme van teenprestasie wat deur ’n entiteit gegee word in ruil vir diens wat deur werknemers gelewer word.*

***Korttermynwerknemersvoordele** is werknemersvoordele (buiten diensbeëindigingsvoordele) wat in die geheel verskuldig is vir vereffening binne twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die werknemers die verbandhoudende dienste lewer.*

***Na-aftredevoordele** is werknemersvoordele (buiten diensbeëindigingsvoordele en korttermynwerknemersvoordele) wat ná die voltooiing van diens betaalbaar is.*

***Ander langtermyn-werknemersvoordele** is werknemersvoordele buiten korttermynwerknemersvoordele, na-aftredevoordele en diensbeëindigingsvoordele.*

***Diensbeëindigingsvoordele** is werknemersvoordele wat voorsien word vir die beëindiging van ’n werknemer se diens as gevolg van hetsy:*

(a) ’n entiteit se besluit om ’n werknemer se diens voor die normale aftreedatum te beëindig; of

(b) ’n werknemer se besluit om ’n aanbod van voordele in ruil vir die beëindiging van diens te aanvaar.

Woordomskrywings in verband met klassifikasie van planne

*’n **Bindende reëling** is ’n reëling wat afdwingbare regte en verpligtinge aan die partye by die reëling verleen asof dit in die vorm van ’n kontrak is. Dit sluit regte in kontrakte of ander wetlike regte in.*

***Na-aftreevoordeelplanne** is formele of informele reëlings ingevolge waarvan ’n entiteit na-aftredevoordele aan een of meer werknemers voorsien.*

***Omskrewebydraeplanne** is na-aftreevoordeelplanne ingevolge waarvan ’n entiteit vaste bydraes in ’n afsonderlike entiteit (’n fonds) inbetaal en geen wetlike of afgeleide verpligting sal hê om verdere bydraes te betaal indien die fonds nie toereikende bates het om alle werknemersvoordele met betrekking tot werknemersdiens in die huidige en vorige tydperke te betaal nie.*

***Omskrewevoordeelplanne** is na-aftreevoordeelplanne buiten omskrewebydraeplanne.*

***Multiwerkgewerplanne** is omskrewebydraeplanne (buiten staatsplanne) of omskrewevoordeelplanne (buiten staatsplanne) wat:*

(a) die bates saampoel wat bygedra word deur verskeie entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie; en

(b) daardie bates gebruik om voordele aan werknemers van meer as een entiteit te voorsien, op die grondslag dat bydrae- en voordeelvlakke bepaal word

sonder inagneming van die identiteit van die entiteit wat die betrokke werknemers in diens het.

***Staatsplanne** is planne wat deur wetgewing tot stand gebring is en funksioneer asof hulle multiwerkgewerplanne is vir alle entiteite in ekonomiese kategorieë wat deur wetgewing bepaal word.*

Woordomskrywings in verband met die netto omskrewevoordeellas (-bate)

Die netto omskrewevoordeellas (-bate) is die tekort of surplus, aangesuiwer vir enige effek daarvan om 'n netto omskrewevoordeelbate tot die bateplafon te beperk.

Die tekort of surplus is:

(a) die huidige waarde van die omskrewevoordeellas; minus

(b) die billike waarde van planbates (indien daar is); plus

(c) enige las wat mag ontstaan as gevolg van 'n minimumbefondsingsvereiste.

Die bateplafon is die huidige waarde van enige ekonomiese voordele wat beskikbaar is in die vorm van terugbetalings vanaf die plan of verminderings in toekomstige bydraes tot die plan.

Die huidige waarde van 'n omskrewevoordeellas is die huidige waarde, sonder aftrekking van enige planbates, van verwagte toekomstige betalings wat nodig is om die verpligting te vereffen wat uit werknemersdiens in die huidige en vorige tydperke voortspruit.

Planbates bestaan uit:

(a) bates gehou deur 'n langtermyn-werknemersvoordeelfonds; en

(b) kwalifiserende versekeringspolisse.

Bates gehou deur 'n langtermyn-werknemersvoordeelfonds is bates (buiten nie-oordraagbare finansiële instrumente wat deur die verslagdoenende entiteit uitgegee is) wat:

(a) deur 'n entiteit ('n fonds) gehou word wat wetlik afsonderlik van die verslagdoenende entiteit is en alleenlik bestaan om werknemersvoordele te betaal of te befonds; en

(b) wat beskikbaar is om gebruik te word slegs om werknemersvoordele te betaal of te befonds, nie vir die verslagdoenende entiteit se eie krediteure beskikbaar is nie (selfs in likwidasie), en wat nie na die verslagdoenende entiteit kan teruggaan nie, tensy:

(i) ***óf die oorblywende bates van die fonds toereikend is om al die verbandhoudende werknemersvoordeelverpligtinge van die plan of die verslagdoenende entiteit na te kom;***

(ii) ***óf die bates na die verslagdoenende entiteit teruggaan om die entiteit te vergoed vir werknemersvoordele wat reeds betaal is.***

<u>'n Kwalifiserende versekeringspolis</u> is 'n versekeringspolis[1] uitgegee deur 'n versekeraar wat nie 'n verwante party (soos omskryf in die Standaard van AERP oor Openbaarmakings oor Verwante Partye) van die verslagdoenende entiteit is nie, indien die opbrengs van die polis:

(a) ***slegs gebruik kan word om werknemersvoordele ooreenkomstig 'n omskrewevoordeelplan te betaal of te befonds; en***

(b) ***nie vir die verslagdoenende entiteit se eie krediteure beskikbaar is nie (selfs in likwidasie) en nie aan die verslagdoenende entiteit betaal kan word nie, tensy:***

(i) ***óf die opbrengs surplusbates verteenwoordig wat nie nodig is vir die polis om al die verbandhoudende werknemersvoordeelverpligtinge na te kom nie;***

(ii) ***óf die opbrengs aan die verslagdoenende entiteit terugbetaal word om die entiteit te vergoed vir werknemersvoordele wat reeds betaal is.***

Woordomskrywings in verband met omskrewevoordeelkoste

<u>Dienskoste</u> bestaan uit:

(a) ***huidigedienskoste, wat die styging is in die huidige waarde van die omskrewevoordeellas wat uit werknemersdiens gedurende die huidige tydperk ontstaan;***

(b) ***vorigedienskoste, wat die verandering is in die huidige waarde van die omskrewevoordeellas vir werknemersdiens in vorige tydperke, wat die gevolg is van 'n planwysiging (die instelling of onttrekking van, of veranderinge aan, 'n omskrewevoordeelplan) of 'n inkorting ('n beduidende vermindering deur die entiteit van die getal werknemers wat deur 'n plan gedek word); en***

(c) ***enige wins of verlies by vereffening.***

<u>Netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate)</u> is die verandering gedurende die tydperk in die netto omskrewevoordeellas (-bate) wat ontstaan as gevolg van die verloop van tyd.

<u>Hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) bestaan uit:</u>

[1] 'n Kwalifiserende versekeringspolis is nie noodwendig 'n versekeringskontrak nie. (Kyk die International Financial Reporting Standard oor *Insurance Contracts.*)

***(a)* aktuariële winste en verliese;**

***(b)* die opbrengs op planbates, uitgesonderd bedrae ingesluit in netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate); en**

***(c)* enige verandering in die effek van die bateplafon, uitgesonderd bedrae ingesluit in netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate).**

***Aktuariële winste en verliese* is veranderinge in die huidige waarde van die omskrewevoordeellas wat die gevolg is van:**

***(a)* ervaringsaansuiwerings (die effek van verskille tussen die vorige aktuariële aannames en wat werklik gebeur het); en**

***(b)* die effek van veranderinge in aktuariële aannames.**

Die opbrengs op planbates is rente, dividende of ander soortgelyke uitkerings en ander inkomste verkry uit die planbates, tesame met gerealiseerde en ongerealiseerde winste of verliese op die planbates, minus:

(a) enige koste van die bestuur van die planbates; en

(b) enige belasting wat deur die plan self betaalbaar is maar uitgesonderd belasting wat ingesluit is in die aktuariële aannames wat gebruik is om die huidige waarde van die omskrewevoordeellas te meet.

'n Vereffening is 'n transaksie wat alle verdere wetlike of afgeleide verpligtinge uitskakel vir 'n gedeelte van of vir al die voordele wat ooreenkomstig 'n omskrewevoordeelplan voorsien word, behalwe 'n betaling van voordele aan, of namens, werknemers en wat in die bepalings van die plan uiteengesit word en by die aktuariële aannames ingesluit is.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde gebruik.

Bindende reëlings

.09 Bindende reëlings kan op verskeie wyses bevestig word:

(a) 'n kontrak wat tussen die partye aangegaan is;

(b) wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, wette, regulasies, beleide en besluite wat deur owerhede soos die kabinet, uitvoerende komitees, rade, munisipale rade en ministeriële lasgewings geneem is; of

(c) deur regswerking, met inbegrip van die gemenereg.

’n Bindende reëling is dikwels, maar nie altyd nie, skriftelik, in die vorm van ’n kontrak of gedokumenteerde besprekings tussen die partye.

Korttermynwerknemersvoordele

.10 Korttermynwerknemersvoordele sluit items soos die volgende in, indien daar verwag word dat dit in die geheel vereffen sal word binne twaalf maande ná die einde van die tydperk waarin die werknemers die verbandhoudende dienste lewer:

(a) lone, salarisse en bestaansekerheidsbydraes;

(b) betaalde jaarlikse en betaalde siekteverlof;

(c) bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings; en

(d) niemonetêre voordele soos mediese sorg, behuising, motors en gratis of gesubsidieerde goedere of dienste vir huidige werknemers.

.11 ’n Entiteit hoef nie ’n korttermynwerknemersvoordeel te herklassifiseer indien die entiteit se verwagtinge van die tydsberekening van vereffening tydelik verander nie. Indien die kenmerke van die voordeel egter verander (soos 'n verandering van 'n nie-oplopende voordeel na 'n oplopende voordeel) of as 'n verandering in verwagtinge van die tydsberekening van vereffening nie tydelik is nie, moet die entiteit oorweeg of die voordeel steeds aan die omskrywing van korttermynwerknemersvoordele voldoen.

Erkenning en meting

Alle korttermynwerknemersvoordele

.12 Indien ’n werknemer gedurende ’n verslagdoeningstydperk diens aan ’n entiteit gelewer het, moet die entiteit die ongediskonteerde bedrag van korttermynwerknemersvoordele wat na verwagting in ruil vir daardie diens betaal sal word, erken:

(a) As ’n las (opgeloopte uitgawe), ná aftrekking van enige bedrag wat reeds betaal is. Indien die bedrag wat reeds betaal is die ongediskonteerde bedrag van die voordele oorskry, moet ’n entiteit daardie oorskryding as ’n bate (voorafbetaalde uitgawe) erken in die mate waartoe die vooruitbetaling tot byvoorbeeld ’n vermindering in toekomstige betalings of ’n kontantterugbetaling sal lei; en

(b) As ’n uitgawe, tensy 'n ander Standaard van AERP die insluiting van die voordele in die koste van ’n bate vereis of toelaat (kyk byvoorbeeld die Standaarde van AERP oor Voorraad (AERP 12), Eiendom, Aanleg en Toerusting (AERP 17), Ontasbare Bates (AERP 31) en Erfenisbates (AERP 103)).

.13 Paragraaf .14, .17 en .20 verduidelik hoe ’n entiteit hierdie vereiste op korttermynwerknemersvoordele in die vorm van vergoede afwesighede asook bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings moet toepas.

Betaalde korttermynafwesigheid

.14 ʼn Entiteit moet die verwagte koste van korttermynwerknemersvoordele in die vorm van betaalde afwesighede ingevolge paragraaf .12 soos volg erken:

(a) in die geval van oplopende betaalde afwesighede, indien die werknemers diens lewer wat hul geregtigdheid op toekomstige betaalde afwesighede verhoog; en

(b) in die geval van nie-oplopende betaalde afwesighede, wanneer die afwesighede plaasvind.

.15 ʼn Entiteit kan werknemers om verskeie redes vergoed vir afwesigheid, met inbegrip van verlof, siekte en korttermynongeskiktheid, asook vir en kraam- of vaderskapsverlof. Geregtigdheid op betaalde afwesighede val in twee kategorieë:

(a) oplopend; en

(b) nie-oplopend.

.16 Oplopende betaalde afwesighede is dié wat oorgedra word en in toekomstige tydperke gebruik kan word as die huidige tydperk se geregtigdheid nie ten volle benut word nie. Oplopende betaalde afwesighede kan óf vestigend wees (met ander woorde, werknemers is geregtig op ʼn kontantbetaling vir ongebruikte geregtigdheid indien hulle die entiteit verlaat) óf nievestigend (indien werknemers nie op ʼn kontantbetaling vir ongebruikte geregtigdheid geregtig is indien hulle diens verlaat nie). ʼn Verpligting ontstaan omdat werknemers diens lewer wat hul geregtigdheid op toekomstige betaalde afwesighede verhoog. Die verpligting bestaan, en word erken, selfs as die betaalde afwesighede nievestigend is, hoewel die moontlikheid dat werknemers diens kan verlaat voordat hulle ʼn opgeloopte nievestigende geregtigdheid gebruik, die meting van daardie verpligting affekteer.

.17 ʼn Entiteit moet die verwagte koste van oplopende betaalde afwesighede meet as die bykomende bedrag wat die entiteit verwag om te betaal as gevolg van die ongebruikte geregtigdheid wat aan die einde van die verslagdoeningstydperk opgeloop het.

.18 Die metode wat in paragraaf .17 gespesifiseer word, meet die verpligting teen die bedrag van die bykomende betalings wat na verwagting sal ontstaan bloot vanweë die feit dat die voordeel ophoop. In baie gevalle hoef ʼn entiteit waarskynlik nie gedetailleerde berekenings te maak om te raam dat daar geen wesenlike verpligting vir ongebruikte betaalde afwesighede bestaan nie. ʼn Siekteverlofverpligting sal byvoorbeeld waarskynlik wesenlik wees slegs indien daar ʼn formele of informele verstandhouding bestaan dat ongebruikte betaalde siekteverlof as betaalde jaarlikse verlof geneem mag word.

.19 Nie-oplopende betaalde afwesighede word nie oorgedra nie: hulle verval as die huidige verslagdoeningstydperk se geregtigdheid nie volledig gebruik word nie en maak werknemers nie geregtig op ʼn kontantbetaling vir ongebruikte geregtigdheid indien die entiteit verlaat word nie. Dit is algemeen die geval vir siekteverlof (in die mate waarin

ongebruikte vorige geregtigdheid nie toekomstige geregtigdheid vermeerder nie), asook kraam- of vaderskapverlof. ŉ Entiteit erken geen aanspreeklikheid of uitgawe nie totdat die afwesigheid plaasvind, omdat werknemersdiens nie die bedrag van die voordeel verhoog nie.

Bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings

.20 ŉ Entiteit moet die verwagte koste van bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings ingevolge paragraaf .12 erken indien, en slegs indien:

(a) die entiteit ŉ huidige regs- of afgeleide verpligting het om sodanige betalings te maak op grond van vorige gebeure; en

(b) ŉ betroubare raming van die verpligting gemaak kan word.

ŉ Huidige verpligting bestaan indien, en slegs indien, die entiteit geen ander realistiese alternatief het as om die betalings te maak nie.

.21 In die openbare sektor het sommige entiteite aansporingsplanne wat verwant is aan diensleweringsdoelwitte of aspekte van finansiële prestasie. Ingevolge sulke planne ontvang werknemers gespesifiseerde bedrae na gelang van ŉ evaluering van hul bydrae tot die bereiking van die doelwitte van die entiteit of ŉ segment van die entiteit. In sommige gevalle kan sulke planne op groepe werknemers gerig wees, soos wanneer prestasie geëvalueer word vir alle of sommige werknemers in ŉ bepaalde segment, eerder as op ŉ individuele grondslag. Sommige openbaresektorentiteite kan prestasie aan die hand van finansieel gebaseerde maatstawwe soos die generering van inkomstestrome en die bereiking van begrotingsteikens evalueer. Sommige aansporingsplanne kan betalings aan alle werknemers behels wat in ŉ verslagdoeningstydperk diens gelewer het, selfs al het hulle die entiteit voor die einde van die verslagdoeningstydperk verlaat. Ingevolge ander aansporingsplanne ontvang werknemers egter slegs betalings as hulle vir ŉ bepaalde tydperk by die entiteit aanbly, byvoorbeeld ŉ vereiste dat werknemers vir die volle verslagdoeningstydperk dienste lewer. Sulke planne skep ŉ afgeleide verpligting, aangesien werknemers diens lewer wat die bedrag verhoog wat betaal moet word indien hulle tot die einde van die gespesifiseerde tydperk in diens bly. Die meting van sodanige afgeleide verpligtinge weerspieël die moontlikheid dat sommige werknemers diens kan verlaat sonder om aansporings- en prestasieverwante betalings te ontvang. Paragraaf .23 bevat verdere voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat ŉ entiteit die verwagte koste van aansporings- en prestasieverwante betalings kan erken.

.22 ŉ Entiteit kan moontlik geen regsverpligting hê om ŉ bonus of aansporing te betaal nie. Desnieteenstaande kan ŉ entiteit in sommige gevalle ŉ praktyk van die betaling van bonusse of aansporings hê. In sulke gevalle het die entiteit ŉ afgeleide verpligting omdat die entiteit geen ander realistiese alternatief het as om die bonus of aansporing te betaal nie. Die meting van die afgeleide verpligtinge weerspieël die moontlikheid dat sommige werknemers diens kan verlaat sonder om ŉ bonus of aansporing te ontvang.

.23 ŉ Entiteit kan ŉ betroubare raming van sy wetlike of afgeleide verpligting ingevolge ŉ bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalingskema maak indien, en slegs indien:

(a) die formele bepalings van die plan ŉ formule bevat vir die vasstelling van die bedrag van die voordeel;

(b) die entiteit die bedrae wat betaal moet word, vasstel voordat die finansiële state vir uitreiking goedgekeur word; of

(c) vorige praktyk duidelike bewyse lewer van die bedrag van die entiteit se afgeleide verpligting.

.24 ŉ Verpligting ingevolge bonus-, aansporings- en prestasieverwante planne spruit voort uit werknemerdiens en nie uit ŉ transaksie met die entiteit se eienaars nie, Daarom erken ŉ entiteit die koste van bonus-, aansporings- en prestasieverwante planne nie as ŉ uitkering van surplus nie maar as ŉ uitgawe.

.25 Indien bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings nie ten volle betaalbaar is binne twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die werknemers die verbandhoudende diens lewer nie, is daardie betalings ander langtermyn-werknemersvoordele (kyk paragraaf .160 tot .167).

Voorbeeld wat paragraaf .18 tot .23 toelig: Rekeningkundige verantwoording van ŉ aansporingskema

ŉ Entiteit bedryf ŉ aansporingskema vir sy werknemers soos volg:

- 25% van elke werknemer se koste vir die entiteit kan as ŉ aansporing betaal word.
- 7,5% van die 25% word outomaties betaal aan daardie individue wat vir ŉ volle finansiële jaar in diens was.
- 17,5% van die 25% word aan werknemers betaal op grond van die beoordeling van hul individuele prestasie.

Die entiteit erken ŉ uitgawe en ŉ las vir die getal werknemers wat na verwagting ŉ volle jaar se diens sal voltooi op grond van 7,5% van hul koste vir die entiteit.

Sodra ŉ entiteit elke individu se prestasie beoordeel het, erken die entiteit ŉ uitgawe en ŉ las vir die prestasiekomponent van die aansporingsplan op grond van die evaluering van elke individu vermenigvuldig met 17,5% van hul onderskeie koste vir die entiteit.

Openbaarmaking

.26 Hoewel hierdie Standaard nie spesifieke openbaarmakings oor korttermynwerknemersvoordele vereis nie, kan ander Standaarde openbaarmakings voorskryf. AERP 20 vereis byvoorbeeld openbaarmakings oor die totale vergoeding van bestuur en die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* (AERP 1) vereis die openbaarmaking van inligting oor werknemersvoordeelkoste.

Na-aftredevoordele: Onderskeid tussen omskrewebydrae-planne en omskrewevoordeelplanne

.27 Na-aftredevoordele sluit byvoorbeeld items soos die volgende in:

(a) aftreevoordele (bv. pensioene en enkelbedragbetalings by aftrede); en

(b) ander na-aftredevoordele soos na-aftreelewensversekering en mediese sorg ná aftrede.

Reëlings ingevolge waarvan ŉ entiteit na-aftredevoordele verskaf, is na-aftredevoordeleplanne. ŉ Entiteit pas hierdie Standaard toe op alle sodanige reëlings, ongeag of dit totstandbrenging behels van ŉ afsonderlike entiteit, soos ŉ pensioenskema of aftreevoordeelskema, om bydraes te ontvang en voordele te betaal al dan nie.

.28 Na-aftredevoordeleplanne word geklassifiseer as óf omskrewebydraeplanne óf omskrewevoordeelplanne, na gelang van die ekonomiese wese van die plan soos afgelei uit die hoofbepalings en -voorwaardes daarvan.

.29 Ingevolge omskrewebydraeplanne is die entiteit se wetlike of afgeleide verpligting beperk tot die bedrag wat die entiteit instem om tot die fonds by te dra. Dus word die bedrag van die na-afreevoordele wat deur die werknemer ontvang word, bepaal deur die bedrag van bydraes wat deur 'n entiteit (en moontlik ook deur die werknemer) aan 'n na-aftreevoordeelplan of aan 'n versekeringsmaatskappy betaal is, tesame met beleggingsopbrengste wat uit die bydraes ontstaan. Gevolglik val die aktuariële risiko (dat voordele minder sal wees as wat verwag is) en beleggingsrisiko (dat bates wat belê is onvoldoende sal wees om verwagte voordele op te lewer) in wese op die werknemer.

.30 Voorbeelde van gevalle waar ŉ entiteit se verpligting nie beperk is tot die bedrag wat die entiteit ooreenkom het om tot die fonds by te dra nie, is wanneer die entiteit ŉ wetlike of afgeleide verpligting het deur:

(a) ŉ planvoordeelformule wat nie bloot aan die bedrag van bydraes gekoppel is nie en van die entiteit vereis om verdere bydraes te voorsien indien bates ontoereikend is om die voordele in die planvoordeelformule op te lewer;

(b) ŉ waarborg, hetsy onregstreeks deur ŉ plan of regstreeks, van ŉ gespesifiseerde opbrengs op bydraes; of

(c) daardie informele praktyke wat aanleiding gee tot ŉ afgeleide verpligting. ŉ Afgeleide verpligting kan byvoorbeeld ontstaan waar ŉ entiteit ŉ geskiedenis het van die verhoging van voordele vir voormalige werknemers om tred te hou met inflasie selfs waar daar geen regsverpligting bestaan om dit te doen nie.

.31 Ingevolge omskrewevoordeelplanne:

(a) is die entiteit verplig om die ooreengekome voordele aan die huidige en voormalige werknemers te voorsien; en

(b) rus aktuariële risiko (dat voordele meer sal kos as wat verwag is) en beleggingsrisiko in wese op die entiteit. Indien die aktuariële of beleggingservaring slegter is as wat verwag is, kan die entiteit se verpligting verhoog word.

.32 Paragraaf .33 tot .52 hier onder verduidelik die onderskeid tussen omskrewebydraeplanne en omskrewevoordeelplanne in die konteks van multiwerkgewerplanne, omskrewevoordeelplanne wat risiko's tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer deel, staatsplanne en versekerde voordele.

Multiwerkgewerplanne

.33 ’n Entiteit moet ’n multiwerkgewerplan as ’n omskrewebydraeplan of ’n omskrewevoordeelplan ingevolge die bepalings van die plan klassifiseer (met inbegrip van enige afgeleide verpligting wat verder as die formele bepalings strek).

.34 Indien ’n entiteit deelneem aan ’n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan moet die entiteit, tensy paragraaf .35 van toepassing is:

(a) die entiteit se proporsionele gedeelte van die omskrewevoordeelverpligting, planbates en koste wat met die plan verband hou op dieselfde manier rekeningkundig verantwoord as vir enige ander omskrewevoordeelplan; en

(b) die inligting wat deur paragraaf .136 tot .155 vereis word (uitgesonderd paragraaf .155(d)), openbaar maak.

.35 Indien voldoende inligting nie beskikbaar is om omskrewevoordeel-rekeningkunde vir ’n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan te gebruik nie, moet ’n entiteit:

(a) die plan ingevolge paragraaf .54 en .55 rekeningkundig verantwoord asof dit ’n omskrewebydraeplan is; en

(b) die inligting openbaar maak wat deur paragraaf .155 vereis word.

.36 Een voorbeeld van ’n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan is waar:

(a) die plan op ’n deurlopendeuitbetaling-grondslag gefinansier word: bydraes word op só ’n vlak gestel dat dit na verwagting voldoende sal wees om die voordele te betaal wat in dieselfde tydperk betaalbaar is; en toekomstige voordele wat gedurende die huidige tydperk verdien word, uit toekomstige bydraes betaal sal word; en

(b) werknemers se voordele deur die lengte van hul diens bepaal word en die deelnemende entiteite oor geen realistiese middele beskik om uit die plan te onttrek sonder om ’n bydrae te betaal vir die voordele wat werknemers tot op die datum van onttrekking verdien het nie. So ’n plan skep aktuariële risiko vir die entiteit: Indien die uiteindelike koste van voordele wat reeds aan die einde van die

verslagdoeningstydperk verdien is, meer as verwag is, sal die entiteit óf sy bydraes moet verhoog óf werknemers moet oorreed om ŉ vermindering in voordele te aanvaar. Derhalwe is so ŉ plan ŉ omskrewevoordeelplan.

.37 Indien voldoende inligting beskikbaar is oor ŉ multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan, bring ŉ entiteit die proporsionele gedeelte van die omskrewevoordeelverpligting, planbates en na-aftreevoordeelkoste wat met die plan verband hou op dieselfde manier as vir enige ander omskrewevoordeelplan in rekening. ŉ Entiteit kan egter moontlik nie in staat wees om sy deel van die onderliggende finansiële stand en prestasie van die plan met voldoende betroubaarheid vir rekeningkundige doeleindes te identifiseer nie. Dit kan gebeur indien:

(a) die plan die deelnemende entiteite blootstel aan aktuariële risiko's wat met die huidige en voormalige werknemers van ander entiteite verband hou, met die gevolg dat daar geen konsekwente en betroubare grondslag bestaan vir die toedeling van die verpligting, planbates en koste vir individuele entiteite wat aan die plan deelneem nie; of

(b) die entiteit nie toegang het tot voldoende inligting oor die plan wat aan die vereistes van hierdie Standaard voldoen nie

In daardie gevalle doen ŉ entiteit die plan rekeningkundig verantwoord asof dit ŉ omskrewebydraeplan is en maak die bykomende inligting openbaar wat deur paragraaf .155 vereis word.

.38 Daar kan ŉ kontraktuele ooreenkoms, ŉ bindende reëling of verklaarde beleid tussen die multiwerkgewerplan en die deelnemers daaraan wees wat bepaal hoe die surplus in die plan aan die deelnemers uitgekeer sal word (of die tekort befonds sal word). ŉ Deelnemer aan ŉ multiwerkgewerplan met sodanige reëling wat die plan ooreenkomstig paragraaf .35 rekeningkundig as ŉ omskrewebydraeplan verantwoord, moet die bate of las wat die gevolg is van die kontraktuele ooreenkoms, bindende reëling of verklaarde beleid en die gevolglike inkomste of uitgawe in surplus of tekort erken.

Voorbeeld wat paragraaf .38 toelig: Die rekeningkundige verantwoording van ŉ multiwerkgewerplan
Tesame met soortgelyke entiteite in provinsie X neem munisipaliteit A deel aan 'n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan. Omdat die plan die deelnemende entiteite blootstel aan aktuariële risiko's wat verband hou met die huidige en voormalige werknemers van ander munisipaliteite wat aan die plan deelneem, bestaan daar geen konsekwente en betroubare grondslag vir die toewysing van die verpligting, planbates en koste vir individuele munisipaliteite wat aan die plan deelneem nie. Munisipaliteit A verantwoord derhalwe die plan rekeningkundig asof dit ŉ omskrewebydraeplan is. ŉ Befondsingswaardasie wat nie opgetrek is op grond van veronderstellings wat met die vereistes van hierdie Standaard versoenbaar is nie, toon ŉ tekort van R480 miljoen in die plan. Die plan het ingevolge ŉ bindende ooreenkoms met die deelnemende werkgewers in die plan ooreengekom oor ŉ

skedule van bydraes wat die tekort oor die volgende vyf jaar sal uitwis. Munisipaliteit A se totale bydraes ingevolge die reëling is R40 miljoen.

Die entiteit erken ŉ las vir die bydraes, aangesuiwer vir die tydwaarde van geld en ŉ gelyke uitgawe in surplus of tekort.

.39 Multiwerkgewerplanne is duidelik onderskeibaar van groepadministrasieplanne. ŉ Groepadministrasieplan is bloot ŉ samevoeging van enkelwerkgewerplanne wat gekombineer is om deelnemende werkgewers toe te laat om hul bates vir beleggingsdoeleindes saam te poel en beleggingsbestuurs- en administratiewe koste te verminder, terwyl die eise van verskillende werkgewers vir die uitsluitlike voordeel van hul eie werknemers geskei word. Groepadministrasieplanne hou geen besondere rekeningkundige probleme in nie omdat inligting geredelik beskikbaar is om hulle op dieselfde manier te hanteer as enige ander enkelwerkgewerplan en omdat sulke planne nie die deelnemende entiteite blootstel aan aktuariële risiko's wat met die huidige en voormalige werknemers van ander entiteite verband hou nie. Die woordomskrywings in hierdie Standaard vereis dat ŉ entiteit ŉ groepadministrasieplan (met inbegrip van enige afgeleide verpligting wat verder as die formele bepalings strek) ooreenkomstig die bepalings van die plan as ŉ omskrewebydraeplan of ŉ omskrewevoordeelplan klassifiseer.

.40 By die bepaling van wanneer om 'n las wat met die likwidasie van 'n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan of die entiteit se onttrekking uit 'n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan verband hou, te erken en dit te meet, moet 'n entiteit die Standaard van AERP oor Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates (AERP 19) toepas.

Omskrewevoordeelplanne wat risiko's tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer deel

.41 Omskrewevoordeelplanne wat risiko's tussen verskillende entiteite onder gemeenskaplike beheer deel, byvoorbeeld beherende en beheerde entiteite, is nie multiwerkgewerplanne nie.

.42 ŉ Entiteit wat aan so ŉ plan deelneem, verkry inligting oor die plan in die geheel gemeet ooreenkomstig hierdie Standaard op grond van veronderstellings wat op die plan in die geheel van toepassing is. Indien daar ŉ kontraktuele ooreenkoms of soortgelyke bindende reëling of verklaarde beleid vir die debitering van die netto omskrewevoordeelkoste vir die plan in die geheel, gemeet ooreenkomstig hierdie Standaard, teen individuele entiteite binne die ekonomiese entiteit bestaan, moet die entiteit die netto omskrewevoordeelkoste wat so gehef word, in die entiteit se afsonderlike of individuele finansiële state erken. Indien daar geen sodanige ooreenkoms, reëling of beleid bestaan nie, moet die netto omskrewevoordeelkoste erken word in die afsonderlike of individuele finansiële state van die entiteit wat regtens die borgwerkgewer vir die plan is. Die ander entiteite moet in hul afsonderlike of

individuele finansiële state ʼn koste erken wat gelyk is aan hul bydrae wat vir die verslagdoeningstydperk betaalbaar is.

.43 Daar is gevalle in die openbare sektor waar ʼn beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite aan ʼn omskrewevoordeelplan deelneem. Tensy daar ʼn kontraktuele ooreenkoms, of soortgelyke bindende reëling of verklaarde beleid bestaan, soos in paragraaf .42 gespesifiseer word, doen die beheerde entiteit op ʼn omskrewebydraegrondslag en die beherende entiteit op ʼn omskrewevoordeelgrondslag in hulle gekonsolideerde finansiële state rekeningkundig verantwoording. Die beheerde entiteit maak ook in sy afsonderlike finansiële state openbaar dat hy rekeningkundige verantwoording op ʼn omskrewebydraegrondslag doen. ʼn Beheerde entiteit wat op ʼn omskrewebydraegrondslag rekeningkundige verantwoording doen, verskaf ook besonderhede van die beherende entiteit, en toon aan dat rekeningkundige verantwoording in die beherende entiteit se gekonsolideerde finansiële state op ʼn omskrewevoordeelgrondslag geskied. Die beheerde entiteit doen ook die openbaarmakings soos in paragraaf .155 vereis word.

.44 Deelname aan so ʼn plan is vir elke individuele entiteit ʼn verwantepartytransaksie. ʼn Entiteit moet derhalwe in sy afsonderlike of individuele finansiële state die inligting openbaar maak wat deur paragraaf .155 vereis word.

Staatsplanne

.45 ʼn Entiteit moet ʼn staatsplan rekeningkundig op dieselfde wyse as ʼn multiwerkgewerplan verantwoord (kyk paragraaf .33 en .40).

.46 Staatsplanne word deur wetgewing tot stand gebring om alle entiteite (of alle entiteite in ʼn bepaalde kategorie, byvoorbeeld ʼn spesifieke bedryf) te dek en word deur nasionale, provinsiale of plaaslike regering of deur ʼn ander liggaam (byvoorbeeld ʼn agentskap wat spesifiek vir daardie doel tot stand gebring is) bedryf. Hierdie Standaard handel slegs met werknemersvoordele van die entiteit en gee nie aandag aan rekeningkundige verantwoording vir enige verpligtinge ingevolge staatsplanne met betrekking tot werknemers en voormalige werknemers van entiteite wat nie deur die verslagdoenende entiteit beheer word nie. Hoewel die staat staatsplanne tot stand kan bring en voordele aan werknemers van privaatsektorentiteite en/of individue in eie diens kan voorsien, word verpligtinge wat ten opsigte van sulke planne ontstaan, nie in hierdie Standaard behandel nie. Sommige planne wat deur entiteite tot stand gebring word, voorsien beide verpligte voordele, as plaasvervanger vir wat andersins ingevolge ʼn staatsplan gedek sou word, en bykomende vrywillige voordele. Sulke planne is nie staatsplanne nie.

.47 Baie staatsplanne word op ʼn deurlopendeuitbetaling-grondslag befonds: bydraes word op ʼn vlak gestel wat na verwagting voldoende sal wees om die vereiste voordele te betaal wat in dieselfde tydperk betaalbaar raak; toekomstige voordele wat gedurende

die huidige tydperk verdien word, sal uit toekomstige bydraes betaal word. Entiteite wat deur staatsplanne gedek word, verantwoord daardie planne rekeningkundig as óf omskrewebydrae- óf omskrewevoordeelplanne. Die rekeningkundige hantering hang daarvan af of die entiteit 'n wetlike of afgeleide verpligting het om toekomstige voordele te betaal. Indien 'n entiteit se enigste verpligting is om die bydraes te betaal na gelang dit betaalbaar word en die entiteit geen verpligting het om toekomstige voordele te betaal nie, verantwoord die entiteit daardie staatsplan rekeningkundig as 'n omskrewebydraeplan.

.48 'n Staatsplan kan deur 'n beheerde entiteit as 'n omskrewebydraeplan geklassifiseer word. Daar is egter 'n weerlegbare vermoede dat die staatsplan deur die beherende entiteit as 'n omskrewevoordeelplan beskryf sal word. Indien hierdie vermoede weerlê word, word die staatsplan rekeningkundig as 'n omskrewebydraeplan verantwoord.

Versekerde voordele

.49 'n Entiteit kan versekeringspremies betaal om 'n na-aftreevoordeelplan te befonds. Die entiteit moet so 'n plan as 'n omskrewebydraeplan behandel tensy die entiteit (hetsy regstreeks of onregstreeks deur die plan) 'n wetlike of afgeleide verpligting het om:

(a) óf die werknemersvoordele regstreeks te betaal wanneer hulle betaalbaar word;

(b) óf verdere bedrae te betaal indien die versekeraar nie alle toekomstige werknemersvoordele ten opsigte van werknemerdiens in die huidige en vorige verslagdoeningstydperke betaal nie.

Indien die entiteit so 'n wetlike of afgeleide verpligting behou, moet die entiteit die plan as 'n omskrewevoordeelplan behandel.

.50 Die voordele wat deur 'n versekeringskontrak verseker is, hoef nie 'n regstreekse of outomatiese verband met die entiteit se verpligting tot werknemersvoordele te hê nie. Na-aftreevoordeelplanne waarby versekeringskontrakte betrokke is, is onderhewig aan dieselfde onderskeid tussen rekeningkundige verantwoording en befondsing as ander befondsde planne.

.51 Indien 'n entiteit 'n na-aftreevoordeelverpligting befonds deur by te dra tot 'n versekeringspolis waarvolgens die entiteit (hetsy regstreeks, onregstreeks deur die plan, deur die meganisme vir die vasstelling van toekomstige premies of deur 'n verwantepartyverhouding met die versekeraar) 'n wetlike of afgeleide verpligting behou, kom die betaling van die premies nie neer op 'n omskrewebydraereëling nie. Daaruit volg dat die entiteit:

(a) 'n kwalifiserende versekeringspolis rekeningkundig as 'n planbate verantwoord (kyk paragraaf .08); en

(b) ander versekeringspolisse as vergoedingsregte erken (indien die polisse aan die maatstawwe in paragraaf .123 voldoen).

.52 Indien ŉ versekeringspolis in die naam van ŉ gespesifiseerde plandeelnemer of ŉ groep plandeelnemers is en die entiteit nie enige wetlike of afgeleide verpligting het om enige verlies op die polis te dek nie, het die entiteit geen verpligting om voordele aan die werknemers te betaal nie en het die versekeraar die alleenverpligting om die voordele te betaal. Die betaling van vasgestelde premies ingevolge sodanige kontrakte is in wese die vereffening van die werknemersvoordeelverpligting, eerder as ŉ belegging om aan die verpligting te voldoen. Daarom behandel ŉ entiteit sodanige betalings as bydraes tot ŉ omskrewebydraeplan.

Na-aftredevoordele: Omskrewebydraeplanne

.53 Rekeningkundige verantwoording van omskrewebydraeplanne is eenvoudig omdat die verslagdoenende entiteit se verpligting vir elke verslagdoeningstydperk bepaal word deur die bedrae wat vir daardie tydperk bygedra moet word. Gevolglik is geen aktuariële aannames nodig om die verpligting of die uitgawe te meet nie en is daar geen moontlikheid van enige aktuariële wins of verlies nie. Bowendien word die verpligtinge op ŉ ongediskonteerde grondslag gemeet, behalwe waar hulle nie geheel en al verskuldig raak binne twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die werknemers die betrokke diens lewer nie.

Erkenning en meting

.54 Indien ŉ werknemer gedurende ŉ verslagdoeningstydperk diens aan ŉ entiteit gelewer het, moet die entiteit die bydrae wat aan ŉ omskrewebydraeplan betaalbaar is, in ruil vir daardie diens erken:

(a) as ŉ las (opgeloopte uitgawe), ná aftrekking van enige bydrae wat reeds betaal is. Indien die bydrae wat reeds betaal is, die verskuldigde bydrae vir diens voor die einde van die verslagdoeningstydperk oorskry, moet ŉ entiteit daardie oorskryding as ŉ bate erken (voorafbetaalde uitgawe) in die mate waarin die vooruitbetaling tot byvoorbeeld ŉ vermindering in toekomstige betalings of ŉ kontantterugbetaling kan lei); en

(b) as ŉ uitgawe, tensy 'n ander Standaard die insluiting van die bydrae in die koste van ŉ bate vereis of toelaat (kyk byvoorbeeld die AERP 12, AERP 17, AERP 31 en AERP 103).

.55 Indien daar nie verwag word dat bydraes tot ŉ omskrewebydraeplan ten volle betaalbaar sal word binne twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die werknemers die betrokke diens lewer nie, moet dit gediskonteer word met gebruik van die diskontokoers wat in paragraaf .89 gespesifiseer word.

Openbaarmaking

.56 ŉ Entiteit moet die bedrag wat vir omskrewebydraeplanne as ŉ uitgawe erken word, openbaar maak.

.57 Waar dit deur die AERP 20 vereis word, moet ŉ entiteit inligting oor bydraes tot omskrewebydraeplanne vir bestuur openbaar maak.

Na-aftredevoordele: Omskrewevoordeelplanne

.58 Rekeningkundige verantwoording vir omskrewevoordeelplanne is ingewikkeld omdat aktuariële aannames vereis word om die verpligting en die uitgawe te meet en daar ŉ moontlikheid van aktuariële winste en verliese bestaan. Bowendien word die verpligtinge op ŉ gediskonteerde grondslag gemeet, omdat dit vereffen kan word baie jare nadat die werknemers die betrokke diens gelewer het.

Erkenning en meting

.59 Omskrewevoordeelplanne kan óf onbefonds wees óf hulle kan in die geheel of gedeeltelik befonds wees deur ŉ entiteit se bydraes, en soms dié van sy werknemers, tot ŉ entiteit of fonds wat regtens afsonderlik van die verslagdoenende entiteit bestaan en waaruit die werknemersvoordele betaal word. Die betaling van befondsde voordele wanneer hulle betaalbaar word, hang nie slegs af van die finansiële stand en die beleggingsprestasie van die fonds nie, maar ook van ŉ entiteit se vermoë, en bereidwilligheid, om enige tekort in die fonds se bates goed te maak. Derhalwe onderskryf die entiteit in wese die aktuariële en beleggingsrisiko's verbonde aan die plan. Gevolglik is die uitgawe wat vir ŉ omskrewevoordeelplan erken word nie noodwendig die bedrag van die bydrae wat vir die verslagdoeningstydperk verskuldig is nie.

.60 Rekeningkundige verantwoording deur ŉ entiteit van omskrewevoordeelplanne behels die volgende stappe:

(a) Vasstelling van die tekort of surplus. Dit behels:

(i) die gebruik van ŉ aktuariële tegniek, die geprojekteerde eenheidkredietmetode, om ŉ betroubare raming te doen van die uiteindelike koste vir die entiteit van die voordeel wat werknemers in die huidige en vorige tydperke in ruil vir hul diens verdien het. Dit vereis dat ŉ entiteit moet vasstel hoeveel voordeel aan die huidige en vorige tydperke toeskryfbaar is (kyk paragraaf .76 tot .80) en ramings (aktuariële aannames) moet maak oor demografiese veranderlikes (soos werknemersomset en -sterftes) en finansiële veranderlikes (soos toekomstige verhogings in salarisse en mediese koste) wat ŉ effek op die koste van die voordeel sal hê (kyk paragraaf .81 tot .104);

(ii) diskontering van daardie voordeel ten einde die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting en die huidigedienskoste vas te stel (kyk paragraaf .73 tot .75 en .89 tot .92); en

(iii) aftrekking van die billike waarde van enige planbates (kyk paragraaf .120 tot .122) van die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting.

(b) Vasstelling van die bedrag van die netto omskrewevoordeellas (-bate) as die bedrag van die tekort of surplus wat in (a) bepaal is, aangesuiwer vir enige uitwerking van die beperking van 'n netto omskrewevoordeelbate tot die bateplafon (kyk paragraaf .67).

(c) Vasstelling van bedrae wat in surplus of tekort erken moet word:

(i) Huidigedienskoste (kyk paragraaf .76 tot .80 en paragraaf .129).

(ii) Enige vorigedienskoste en wins of verlies by vereffening (kyk paragraaf .105 tot .119).

(iii) Netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) (kyk paragraaf .130 tot .134).

(d) Vasstelling van die hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) wat in surplus of tekort erken moet word en bestaan uit:

(i) Aktuariële winste en verliese (kyk paragraaf .136 en .137);

(ii) opbrengs op planbates, uitgesonderde bedrae wat by netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) ingesluit is (kyk paragraaf .138); en

(iii) enige verandering in die effek van die bateplafon (kyk paragraaf .67), uitgesonderd bedrae wat by netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) ingesluit is.

Indien 'n entiteit meer as een omskrewevoordeelplan het, pas die entiteit hierdie prosedures vir elke wesenlike plan afsonderlik toe.

.61 'n Entiteit moet die netto omskrewevoordeellas (-bate) met voldoende reëlmaat bepaal dat die bedrae wat in die finansiële state erken word nie wesenlik verskil van die bedrae wat aan die einde van die verslagdoeningstydperk bepaal sou word nie.

.62 Hierdie Standaard moedig 'n entiteit aan, maar stel dit nie as vereiste nie, dat 'n gekwalifiseerde aktuaris by die meting van alle wesenlike na-aftreevoordeelverpligtinge betrek word. Om praktiese redes kan 'n entiteit 'n gekwalifiseerde aktuaris versoek om 'n gedetailleerde waardasie van die verpligting voor die einde van die verslagdoeningstydperk uit te voer. Nietemin word die resultate van daardie waardasie vir enige wesenlike transaksies en ander wesenlike veranderinge in omstandighede (met inbegrip van veranderinge in markpryse en rentekoerse) tot die einde van die verslagdoeningstydperk bygewerk.

.63 In sommige gevalle kan ramings, gemiddeldes en berekeningskortpaaie ’n betroubare benadering verskaf van die gedetailleerde berekenings wat in hierdie Standaard geïllustreer word.

Rekeningkundige verantwoording van ’n afgeleide verpligting

.64 ***'n Entiteit moet nie slegs sy wetlike verpligting rekeningkundig ingevolge die formele bepalings van 'n omskrewevoordeelplan verantwoord nie, maar ook enige afgeleide verpligting wat uit die entiteit se informele praktyke ontstaan. Informele praktyke gee aanleiding tot 'n afgeleide verpligting waar die entiteit geen ander realistiese alternatief het as om werknemersvoordele te betaal nie. 'n Voorbeeld van 'n afgeleide verpligting is waar 'n verandering in die entiteit se informele praktyke onaanvaarbare skade aan sy verhouding met werknemers kan veroorsaak.***

.65 Die formele bepalings van 'n omskrewevoordeelplan kan 'n entiteit toelaat om sy verpligting ingevolge die plan te beëindig. Desnieteenstaande is dit gewoonlik vir 'n entiteit moeilik om 'n plan te kanselleer as werknemers behou moet word. By die afwesigheid van enige bewys tot die teendeel word daar by die rekeningkundige verantwoording van na-aftredevoordele derhalwe aanvaar dat 'n entiteit wat tans sodanige voordele beloof, sal aanhou om dit oor die oorblywende werkslewens van werknemers te doen.

Staat van finansiële stand

.66 ***'n Entiteit moet die netto omskrewevoordeellas (-bate) in die staat van finansiële stand erken.***

.67 ***Indien 'n entiteit 'n surplus in 'n omskrewevoordeelplan het, moet dit die netto omskrewevoordeelbate teen die laagste van die volgende meet:***

(a) die surplus in die omskrewevoordeelplan; of

(b) die bateplafon, bepaal deur gebruik te maak van die diskontokoers wat in paragraaf .89 gespesifiseer word.

.68 ***Enige aansuiwerings wat die gevolg is van die perk in paragraaf .67(b), moet in surplus of tekort erken word.***

.69 'n Netto omskrewevoordeelbate kan ontstaan waar 'n omskrewevoordeelplan oorbefonds is of waar aktuariële winste ontstaan het. 'n Entiteit erken in sulke gevalle 'n netto omskrewevoordeelbate omdat:

(a) die entiteit 'n hulpbron beheer, wat die vermoë is om die surplus te gebruik om toekomstige voordele te genereer;

(b) daardie beheer 'n gevolg is van vorige gebeure (bydraes betaal deur die entiteit en diens gelewer deur die werknemer); en

(c) toekomstige ekonomiese voordele vir die entiteit beskikbaar is in die vorm van 'n vermindering in toekomstige bydraes of 'n kontantterugbetaling, hetsy regstreeks aan die entiteit of onregstreeks aan 'n ander plan met 'n tekort. Die bateplafon is die huidige waarde van daardie toekomstige voordele.

Bateplafon: Indien 'n minimumbefondsingsvereiste tot 'n las aanleiding kan gee

.70 Indien ŉ entiteit ingevolge ŉ minimumbefondsingsvereiste ŉ verpligting het om bydraes te betaal om 'n bestaande tekort op die minimumbefondsingsgrondslag ten opsigte van dienste wat reeds ontvang is te dek, bepaal die entiteit of die bydraes wat betaalbaar is as ŉ terugbetaling of vermindering in toekomstige bydraes beskikbaar sal wees nadat hulle in die plan inbetaal is.

.71 In die mate dat die bydraes wat betaalbaar is, nie beskikbaar sal wees nadat hulle in die plan inbetaal is nie, erken die entiteit ŉ las wanneer die verpligting ontstaan. Die las verminder die omskrewevoordeelbate of verhoog die omskrewevoordeellas sodat geen wins of verlies na verwagting uit die toepassing van paragraaf .67 van hierdie Standaard sal ontstaan wanneer die bydraes betaal word nie.

Erkenning en meting: Huidige waarde van omskrewevoordeelverpligtinge en huidigedienskoste

.72 Die uiteindelike koste van ŉ omskrewevoordeelplan kan deur baie veranderlikes beïnvloed word, soos eindsalarisse, werknemersomset en -sterftes, werknemerbydraes en mediesekosteneigings Die uiteindelike koste van die plan is onseker en hierdie onsekerheid sal waarskynlik oor ŉ lang tydperk voortduur. Ten einde die huidige waarde van die na-aftreevoordeelverpligtinge en die verwante huidigedienskoste te meet, is dit nodig om:

(a) ŉ aktuariëlewaardasiemetode toe te pas (kyk paragraaf .73 tot .75);

(b) voordeel aan dienstydperke toe te skryf (kyk paragraaf .76 tot .80); en

(c) aktuariële aannames te maak (kyk paragraaf .81 tot .104).

Aktuariëlewaardasiemetode

.73 ŉ Entiteit moet die geprojekteerde-eenheidkredietmetode gebruik om die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligtinge en die verwante huidigedienskoste asook, waar toepaslik, vorigedienskoste vas te stel.

.74 Die Geprojekteerde-eenheidkredietmetode (soms bekend as die opgelooptevoordeelmetode wat na verhouding volgens diens aangesuiwer is of as die voordeel/diensjare-metode) beskou elke dienstydperk asof dit tot ŉ bykomende eenheid van voordeelgeregtigdheid aanleiding gee (kyk paragraaf .76 tot .80) en meet elke eenheid afsonderlik om die finale verpligting op te bou (kyk paragraaf .85 tot .104).

Voorbeeld wat paragraaf .74 toelig: Geprojekteerde-eenheidkredietmetode
ŉ Enkelbedragvoordeel is by diensbeëindiging betaalbaar en is gelyk aan 1% van die eindsalaris vir elke diensjaar. Die salaris in jaar 1 is R10 000 en daar word aanvaar dat dit teen 7% (saamgestel) per jaar sal vermeerder. Die diskontokoers wat gebruik word, is 10% per jaar. Die volgende tabel toon aan hoe die verpligting opbou vir ŉ werknemer wat na verwagting aan die einde van jaar 5 diens sal verlaat, in die veronderstelling dat daar geen

veranderinge in aktuariële aannames is nie. Eenvoudigheidshalwe laat hierdie voorbeeld die bykomende aansuiwering wat nodig is om die waarskynlikheid te weerspieël dat die werknemer die entiteit op 'n vroeër of later datum kan verlaat buite rekening.

Jaar	*1*	*2*	*3*	*4*	*5*
Voordeel toegeskryf aan:	R	R	R	R	R
– vorige jare	-	131	262	393	524
– huidige jaar (1% van finale salaris)	131	131	131	131	131
– huidige jaar en vorige jare	131	262	393	524	655

Jaar	*1*	*2*	*3*	*4*	*5*
Aanvangsverpligting	-	89	196	324	476
Rente teen 10%	-	9	20	33	48
Huidigedienskoste	89	98	108	119	131
Eindverpligting	89	196	324	476	655

Let wel:

1. Die aanvangsverpligting is die huidige waarde van die voordeel toegeskryf aan vorige jare.

2. Die huidigedienskoste is die huidige waarde van die voordeel toegeskryf aan die huidige jaar.

3. Die eindverpligting is die huidige waarde van die voordeel toegeskryf aan huidige en vorige jare.

.75 'n Entiteit diskonteer die geheel van 'n na-aftreevoordeelverpligting, selfs as 'n deel van die verpligting na verwagting binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum vereffen sal word.

Toeskrywing van voordeel aan dienstydperke

.76 By die vasstelling van die huidige waarde van 'n entiteit se omskrewevoordeelverpligtinge en die verwante huidigedienskoste en, indien toepaslik, vorigedienskoste, moet die entiteit voordeel ingevolge die plan se voordeelformule aan dienstydperke toeskryf. As 'n werknemer se diens in later jare egter sal lei tot 'n wesenlik hoër vlak van voordeel as in vorige jare, moet 'n entiteit voordeel op 'n reguitlyngrondslag toeskryf vanaf:

(a) die datum waarop diens deur die werknemer die eerste keer lei tot voordele ingevolge die plan (ongeag of die voordele afhang van verdere diens al dan nie); tot

(b) ***die datum waarop verdere diens deur die werknemer tot geen wesenlike bedrag van verdere voordele ingevolge die plan sal lei nie, buiten uit verdere salarisverhogings.***

.77 Die geprojekteerde-eenheidkredietmetode vereis dat ŉ entiteit voordeel toeskryf aan die huidige tydperk (ten einde huidigedienskoste vas te stel) en die huidige en vorige tydperke (ten einde die huidige waarde van omskrewevoordeelverpligtinge vas te stel). ŉ Entiteit skryf die voordeel toe aan tydperke waarin die verpligting ontstaan om na-aftredevoordele te voorsien. Daardie verpligting ontstaan na gelang werknemers dienste lewer in ruil vir na-aftredevoordele wat ŉ entiteit verwag om in toekomstige verslagdoeningstydperke te betaal. Aktuariële tegnieke laat ŉ entiteit toe om daardie verpligting met voldoende betroubaarheid te meet om erkenning van ŉ las te regverdig.

Voorbeeld wat paragraaf .77 toelig: Toeskrywing van voordeel aan dienstydperke

1. ŉ Omskrewevoordeelplan bied ŉ enkelbedragvoordeel van R100 wat by aftrede vir elke jaar diens betaalbaar is.

   ŉ Voordeel van R100 word aan elke jaar toegeskryf. Die huidigedienskoste is die huidige waarde van R100. Die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting is die huidige waarde van R100, vermenigvuldig met die aantal jare diens tot an die einde van die verslagdoeningstydperk.

   Indien die voordeel onmiddellik betaalbaar is wanneer die werknemer die entiteit verlaat, toon die huidigedienskoste en die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting die datum waarop daar verwag word die werknemer diens sal verlaat. Vanweë die uitwerking van diskontering is dit dus minder as die bedrae wat vasgestel sou word as die werknemer aan die einde van die verslagdoeningstydperk diens verlaat het.

2.. ŉ Plan bied ŉ maandelikse pensioen van 0,2% van die eindsalaris vir elke jaar diens. Die pensioen is betaalbaar van die ouderdom van 65 af.

   Voordeel gelyk aan die huidige waarde, op die verwagte aftreedatum, van ŉ maandelikse pensioen van 0,2% van die geraamde eindsalaris betaalbaar van die verwagte aftreedatum af tot op die verwagte datum van afsterwe, word aan elke jaar diens toegeskryf. Die huidigedienskoste is die huidige waarde van daardie voordeel. Die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting is die huidige waarde van maandelikse pensioenbetalings van 0,2% van die eindsalaris, vermenigvuldig met die aantal jare diens tot aan die einde van die verslagdoeningstydperk. Die huidigedienskoste en die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting word gediskonteer omdat pensioenbetalings op die ouderdom van 65 begin.

.78 Werknemerdiens gee aanleiding tot ŉ verpligting ingevolge ŉ omskrewevoordeelplan selfs indien die voordele van toekomstige diens afhang (dit is met ander woorde nie gevestig nie). Werknemerdiens voor die vestigingsdatum gee aanleiding tot ŉ afgeleide verpligting omdat die hoeveelheid toekomstige diens wat ŉ werknemer aan die einde

van elke verslagdoeningstydperk sal moet lewer voordat hy op die voordeel geregtig raak, verminder word. By die meting van sy omskrewevoordeelverpligting neem ŉ entiteit die waarskynlikheid in ag dat sommige werknemers nie aan enige vestigingsvereistes sal voldoen nie. Insgelyks, hoewel bepaalde na-aftredevoordele, byvoorbeeld mediese na-aftredevoordele, betaalbaar word slegs indien ŉ gespesifiseerde gebeurtenis plaasvind indien ŉ werknemer nie langer in diens is nie, ontstaan ŉ verpligting indien die werknemer diens lewer wat geregtigdheid op die voordeel sal bied indien die gespesifiseerde gebeurtenis plaasvind. Die waarskynlikheid dat die gespesifiseerde gebeurtenis sal plaasvind, affekteer die meting van die verpligting, maar bepaal nie of die verpligting bestaan nie.

Voorbeelde wat paragraaf .78 toelig: Vestigende en nie-vestigende voordele

1. ŉ Plan betaal ŉ voordeel van R100 vir elke jaar van diens. Die voordele vestig ná 10 jaar diens.

   ŉ Voordeel van R100 word aan elke jaar toegeskryf. In elkeen van die eerste 10 jaar weerspieël die huidigedienskoste en die huidige waarde van die verpligting die waarskynlikheid dat die werknemer dalk nie tien jaar diens sal voltooi nie.

2. ŉ Plan betaal ŉ voordeel van R100 vir elke jaar diens, met uitsluiting van diens voor die ouderdom van 25. Die voordele vestig onmiddellik.

   Geen voordeel word aan diens toegeskryf voor die ouderdom van 25 nie, omdat diens voor daardie datum nie tot voordele (voorwaardelik of onvoorwaardelik) lei nie. ŉ Voordeel van R100 word aan elke daaropvolgende jaar toegeskryf.

.79 Die verpligting neem toe tot die datum waarop verdere diens deur die werknemer tot geen wesenlike bedrag van verdere voordele sal lei nie. Derhalwe word alle voordeel toegeskryf aan tydperke wat voor of op daardie datum eindig. Voordeel word ingevolge die plan se voordeelformule aan individuele verslagdoeningstydperke toegeskryf. Indien ŉ werknemer se diens in later jare egter tot ŉ wesenlik hoër vlak van voordeel as in vorige jare sal lei, skryf ŉ entiteit voordeel op ŉ reguitlyngrondslag toe tot op die datum waarop verdere diens deur die werknemer nie tot enige wesenlike hoeveelheid verdere voordele sal lei nie. Dit is omdat die werknemer se diens gedurende die volle tydperk uiteindelik tot voordeel op daardie hoër vlak sal lei.

Voorbeeld wat paragraaf .79 toelig: Toeskrywing van voordele aan verslagdoeningstydperke

1. ŉ Plan betaal ŉ enkelbedragvoordeel van R1 000 wat ná 10 jaar diens vestig. Die plan bied geen verdere voordeel vir daaropvolgende diens nie.

   ŉ Voordeel van R100 (R1 000 gedeel deur 10) word toegeskryf aan elkeen van die eerste 10 jaar. Die huidigedienskoste in elk van die eerste 10 jaar weerspieël die waarskynlikheid dat die werknemer dalk nie tien jaar diens sal voltooi nie. Geen

voordeel word aan daaropvolgende jare toegeskryf nie.

2. ŉ Plan betaal ŉ enkelbedragaftreevoordeel van R2 000 aan alle werknemers wat op die ouderdom van 55 ná 20 jaar diens steeds in diens is, of wat nog op die ouderdom van 65 in diens is, ongeag hul dienstydperk.

   In die geval van werknemers wat voor die ouderdom van 35 aansluit, lei diens eers op die ouderdom van 35 tot voordele ingevolge die plan (ŉ werknemer sou diens op die ouderdom van 30 kon verlaat en op die ouderdom van 33 terugkeer sonder enige uitwerking op die bedrag of tydsberekening van voordele). Daardie voordele hang voorwaardelik af van verdere diens. Ook diens ná die ouderdom van 55 sal nie tot enige wesenlike verdere voordele lei nie. Aan hierdie werknemers skryf die entiteit voordele van R100 (R2 000 gedeel deur 20) toe vir elke jaar van die ouderdom van 35 af tot die ouderdom van 55.

   In die geval van werknemers wat tussen die ouderdom van 35 en 45 aansluit, sal diens van langer as twintig jaar tot geen wesenlike hoeveelheid verdere voordele lei nie. Aan hierdie werknemers skryf die entiteit voordele van R100 (R2 000 gedeel deur 20) toe vir elk van die eerste twintig jaar.

   In die geval van ŉ werknemer wat op die ouderdom van 55 aansluit, sal diens van langer as tien jaar tot geen wesenlike hoeveelheid verdere voordele lei nie. Aan so ŉ werknemer skryf die entiteit voordele van R200 (R2 000 gedeel deur 10) toe vir elk van die eerste tien jaar.

   In die geval van alle werknemers sal die huidigedienskoste en die huidige waarde van die verpligting die waarskynlikheid weerspieël dat die werknemer dalk nie die nodige dienstydperk sal voltooi nie.

3. ŉ Mediese na-aftreeplan betaal 40% van ŉ werknemer se mediese na-aftreekoste terug as die werknemer die diens ná meer as 10 en minder as 20 jaar diens verlaat en 50% van daardie koste as die werknemer die diens ná 20 of meer jaar diens verlaat.

   Ingevolge die plan se voordeelformule skryf die entiteit 4% toe van die huidige waarde van die verwagte mediese koste toe (40% gedeel deur 10) vir elk van die eerste 10 jaar en 1% (10% gedeel deur 10) vir elk van die tweede 10 jaar. Die huidigedienskoste in elke jaar weerspieël die waarskynlikheid dat die werknemer dalk nie die nodige dienstydperk sal voltooi om ŉ deel van of al die voordele te verdien nie.

   Vir werknemers wat na verwagting binne 10 jaar die diens sal verlaat, word geen voordeel toegeskryf nie.

4. ŉ Mediese na-aftreeplan betaal 10% van ŉ werknemer se mediese na-aftreekoste terug as die werknemer die diens ná meer as 10 en minder as 20 jaar diens verlaat en 50% van daardie koste as die werknemer die diens ná 20 of meer jaar diens verlaat.

   Diens in later jare sal lei tot ŉ wesenlik hoër voordelevlak as in vroeër jare. Vir werknemers wat na verwagting die diens ná 20 of meer jaar diens sal verlaat, skryf die entiteit dus voordeel op ŉ reguitlyngrondslag toe ooreenkomstig paragraaf .79.

Diens van langer as 20 jaar sal nie tot enige wesenlike hoeveelheid verdere voordele lei nie. Derhalwe is die voordeel wat ten opsigte van elkeen van die eerste 20 jaar toegeskryf word 2,5% van die huidige waarde van die verwagte mediese koste (50% gedeel deur 20).

Vir werknemers wat na verwagting diens ná tussen 10 en 20 jaar sal verlaat, is die voordeel wat ten opsigte van elkeen van die eerste 10 jaar toegeskryf word, 1% van die huidige waarde van die verwagte mediese koste. Vir hierdie werknemers word geen voordeel toegeskryf ten opsigte van diens tussen die einde van die tiende jaar en die geraamde diensverlatingsdatum nie.

Vir werknemers wat na verwagting binne 10 jaar die diens sal verlaat, word geen voordeel toegeskryf nie.

.80 Indien die bedrag van ŉ voordeel ŉ konstante gedeelte van die eindsalaris vir elke jaar diens is, sal toekomstige salarisverhogings die bedrag beïnvloed wat nodig sal wees om die verpligting wat ontstaan vir diens voor die einde van die verslagdoeningstydperk te vereffen, maar dit skep nie ŉ bykomende verpligting nie. Derhalwe:

(a) lei salarisverhogings vir die doel van paragraaf .76(b) nie tot verdere voordele nie, selfs al hang die bedrag van die voordele van die eindsalaris af; en

(b) is die bedrag van die voordeel wat aan elke tydperk toegeskryf word, ŉ konstante gedeelte van die salaris waaraan die voordeel gekoppel is.

Voorbeeld wat paragraaf .80 toelig: Toeskrywing van voordele aan verslagdoeningstydperke

Werknemers is geregtig op ŉ voordeel van 3% van die eindsalaris vir elke diensjaar voor die ouderdom van 55.

Voordeel van 3% van geraamde eindsalaris word toegeskryf aan elke jaar tot die ouderdom van 55. Dit is die datum waarop verdere diens deur die werknemer nie tot enige wesenlike bedrag van verdere voordele ooreenkomstig die plan sal lei nie. Geen voordeel word aan diens ná daardie ouderdom toegeskryf nie.

Aktuariële aannames

.81 Aktuariële aannames moet onbevooroordeeld en onderling versoenbaar wees.

.82 Aktuariële aannames is ŉ entiteit se beste ramings van die veranderlikes wat die uiteindelike koste van die voorsiening van na-aftredevoordele sal bepaal. Aktuariële aannames behels:

(a) Demografiese aannames oor die toekomstige eienskappe van huidige en voormalige werknemers (en hul afhanklikes) wat vir voordele kwalifiseer. Demografiese aannames handel oor aangeleenthede soos:

(i) sterftes (kyk paragraaf .87 tot .88);

   (ii) koerse van werknemeromset, -ongeskiktheid en vroeë aftrede;

   (iii) die gedeelte van die planlede met afhanklikes wat vir voordele kwalifiseer; en

   (iv) die gedeelte van die planlede wat elkeen van die vorme van betalingsoopsie beskikbaar ingevolge die bepalings van die plan sal kies; en

   (v) eisekoerse vir mediese planne.

(b) Finansiële aannames wat handel met items soos:

   (i) die diskontokoers (kyk paragraaf .89 tot .92);

   (ii) voordeelvlakke, uitgesonderd enige koste van die voordele wat werknemers moet dra, en toekomstige salarisse (kyk paragraaf .93 tot .101);

   (iii) in die geval van mediese voordele, toekomstige mediese koste, met inbegrip van eisehanteringskoste (d.w.s. die koste wat aangegaan sal word in die verwerking en oplossing van eise, met inbegrip van regs- en bemiddelaarsgelde (kyk paragraaf .102 tot .104); en

   (iv) belasting betaalbaar deur die plan op bydraes wat verband hou met diens voor die einde van die verslagdoeningstydperk of op voordele wat uit daardie diens onstaan.

.83 Aktuariële aannames is onpartydig as hulle nóg onversigtig nóg uitermatig konserwatief is.

.84 Aktuariële aannames is onderling versoenbaar as hulle die ekonomiese verwantskappe tussen faktore soos inflasie, salarisverhogingskoerse en diskontokoerse weerspieël. Alle aannames wat byvoorbeeld afhanklik is van ʼn bepaalde inflasievlak (soos aannames oor rentekoerse en salaris- en voordeelverhogings) in enige gegewe toekomstige tydperk aanvaar byvoorbeeld dieselfde inflasievlak in daardie tydperk.

.85 ʼn Entiteit bepaal die diskontokoers en ander finansiële aannames in nominale (verklaarde) terme, tensy ramings in reële (inflasie-aangesuiwerde) terme betroubaarder is, byvoorbeeld in ʼn hiperinflasionêre ekonomie (kyk die Standaard van AERP oor *Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë*), of waar die voordeel indeksgekoppel is en daar ʼn diep mark in indeksgekoppelde effekte van dieselfde geldigheidsduur en termyn is.

.86 Finansiële aannames moet gegrond wees op markverwagtinge aan die einde van die verslagdoeningstydperk, vir die tydperk waartydens die verpligtinge vereffen moet word.

Aktuariële aannames: Sterftes

.87 'n Entiteit moet sy sterfteaannames bepaal deur verwysing na sy beste raming van die sterftesyfer van planlede tydens sowel as ná diens.

.88 Om die uiteindelike koste van die voordeel te raam, neem 'n entiteit verwagte veranderinge in sterftes in ag, byvoorbeeld deur standaardsterftetabelle te modifiseer met ramings van sterfteverbeterings.

Aktuariële aannames: Diskontokoers

.89 Die koers wat gebruik word om na-aftreevoordeelverpligtinge (befonds sowel as onbefonds) te diskonteer moet die tydwaarde van geld weerspieël. Die geldeenheid en die termyn van die finansiële instrument wat gekies word om die tydwaarde van geld te weerspieël moet strook met die geldeenheid en die geraamde termyn van die na-aftreevoordeelverpligtinge.

.90 Een aktuariële aanname wat ŉ wesenlike invloed het, is die diskontokoers. Die diskontokoers weerspieël die tydwaarde van geld, maar nie die aktuariële of beleggingsrisiko nie. Hierbenewens weerspieël die diskontokoers nie die entiteitspesifieke kredietrisiko wat deur die entiteit se krediteure gedra word nie, en ook nie die risiko dat toekomstige ervaring van aktuariële aannames kan verskil nie.

.91 Die diskontokoers weerspieël die geraamde tydsberekening van voordeelbetalings. In die praktyk bereik ŉ entiteit dit dikwels deur ŉ enkele geweegdegemiddelde-diskontokoers toe te pas wat die geraamde tydsberekening en voordeelbetalingsbedrag asook die geldeenheid waarin die voordele betaal moet word, weerspieël.

.92 Die diskontokoers wat die tydwaarde van geld weerspieël, word die beste benaderd weergegee deur te verwys na markopbrengste op staatseffekte aan die einde van die verslagdoeningstydperk. Waar daar geen diep mark in staatseffekte bestaan met ŉ uitkeerdatum ver genoeg in die toekoms om die geraamde uitkeerdatum van al die voordelebetalings te ewenaar nie, gebruik ŉ entiteit die huidige markkoerse van die toepaslike termyn om kortertermynbetalings te diskonteer, en raam die diskontokoers in geval van latere uitkeerdatums deur huidige markkoerse op die opbrengskromme te ekstrapoleer. Dit is onwaarskynlik dat die totale huidige waarde van ŉ omskrewevoordeelverpligting besonder sensitief sal wees vir die diskontokoers wat toegepas word op die gedeelte van die voordele wat ná die finale uitkeerdatum van die beskikbare finansiële instrument betaalbaar is.

Aktuariële aannames: Salarisse, voordele en mediese koste

.93 ŉ Entiteit moet sy omskrewevoordeelverpligtinge meet op ŉ grondslag wat die volgende weerspieël:

(a) die voordele wat aan die einde van die verslagdoeningstydperk in die bepalings van die plan uiteengesit word (of wat die gevolg is van enige afgeleide verpligting wat verder strek as daardie bepalings); en

(b) enige geraamde toekomstige salarisverhogings wat die betaalbare voordele beïnvloed;

(c) ***die effek van enige beperking op die werkgewer se deel van die koste van die toekomstige voordele;***

(d) ***bydraes van werknemers of derde partye wat die uiteindelike koste van daardie voordele vir die entiteit verminder;***

(e) ***geraamde toekomstige veranderinge in die vlak van enige staatsvoordele wat die voordele beïnvloed wat ingevolge 'n omskrewevoordeelplan betaalbaar is, indien, en slegs indien:***

(i) ***daardie veranderinge voor die einde van die verslagdoeningstydperk in werking gestel is; óf***

(ii) ***historiese data, of ander betroubare bewyse, daarop dui dat daardie staatsvoordele op een of ander voorspelbare wyse sal verander, byvoorbeeld in ooreenstemming met toekomstige veranderinge in algemene prysvlakke of algemene salarisvlakke.***

.94 Aktuariële aannames weerspieël veranderinge in toekomstige voordele wat aan die einde van die verslagdoeningstydperk in die formele bepalings van die plan (of ŉ afgeleide verpligting wat verder as daardie bepalings strek) uiteengesit word. Dit is die geval byvoorbeeld indien:

(a) die entiteit ŉ geskiedenis het dat hy voordele verhoog, byvoorbeeld om die uitwerking van inflasie te verminder, en daar geen aanduiding is dat hierdie praktyk in die toekoms sal verander nie; of

(b) die entiteit deur óf die formele bepalings van ŉ plan (of ŉ afgeleide verpligting wat verder strek as daardie bepalings) óf wetgewing verplig word om enige surplus in die plan tot voordeel van die plandeelnemers te gebruik (kyk paragraaf .115(c)).

(c) voordele verskil in respons op 'n prestasieteiken of ander kriteria. Die bepalings van die plan kan byvoorbeeld verklaar dat dit verminderde voordele sal betaal of bykomende bydraes van werknemers sal vereis indien die planbates onvoldoende is. Die meting van die verpligting weerspieël die beste raming van die uitwerking van die prestasieteiken of ander kriteria.

.95 Aktuariële aannames weerspieël nie veranderinge in toekomstige voordele wat nie aan die einde van die verslagdoeningstydperk in die formele bepalings van die plan (of ŉ afgeleide verpligting) uiteengesit is nie. Sulke veranderinge sal die volgende tot gevolg hê:

(a) vorigedienskoste, in die mate waarin dit voordele vir diens voor die verandering verander; en

(b) huidigedienskoste vir tydperke ná die verandering, in die mate waarin dit voordele vir diens ná die verandering verander.

.96 Ramings van toekomstige salarisverhogings neem inflasie, senioriteit, bevordering en ander tersaaklike faktore in ag, soos vraag en aanbod in die indiensnemingmark.

.97 Sommige omskrewevoordeelplanne beperk die bydraes wat 'n entiteit moet betaal. Die uiteindelike koste van die voordele neem die effek van 'n beperking op bydraes in ag. Die effek van 'n beperking op bydraes word oor die kortste van die volgende bepaal:

(a) die geraamde lewensduur van die entiteit; en

(b) die geraamde lewensduur van die plan.

.98 Sommige omskrewevoordeelplanne vereis dat werknemers of derde partye tot die koste van die plan bydra. Bydraes deur werknemers verminder die koste van die voordele vir die entiteit. 'n Entiteit oorweeg of derdepartybydraes die koste van die voordele vir die entiteit verminder, of 'n terugbetalingsreg is soos in paragraaf .123 beskryf word. Bydraes deur werknemers of derde partye word óf in die formele bepalings van die plan uiteengesit (of ontstaan uit 'n afgeleide verpligting wat verder strek as daardie bepalings), óf is diskresionêr. Diskresionêre bydraes deur werknemers of derde partye verminder dienskoste by betaling van hierdie bydraes tot die plan.

.99 Bydraes van werknemers of derde partye wat in die formele bepalings van die plan uiteengesit word, verminder óf dienskoste (indien dit aan diens gekoppel is), óf beïnvloed hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) (indien dit nie aan diens gekoppel is nie). 'n Voorbeeld van bydraes wat nie aan diens gekoppel is nie, is wanneer die bydraes vereis word om 'n tekort wat uit verliese op planbates of uit aktuariële verliese ontstaan te verminder. Indien bydraes van werknemers of derde partye aan diens gekoppel is, verminder daardie bydraes die dienskoste soos volg:

(a) indien die bedrag van die bydraes afhanklik is van die aantal jare diens, moet 'n entiteit die bydraes toeskryf aan dienstydperke deur gebruik te maak van dieselfde toeskrywingsmetode wat deur paragraaf .76 vir die bruto voordeel vereis word (dws óf deur gebruik te maak van die plan se bydraeformule óf op 'n reguitlyngrondslag); of

(b) indien die bedrag van die bydraes onafhanklik is van die aantal jare diens, word die entiteit toegelaat om sodanige bydraes te erken as 'n vermindering van die dienskoste in die tydperk waarin die verbandhoudende diens gelewer word. Voorbeelde van bydraes wat onafhanklik is van die aantal jare diens sluit dié in wat ’n vaste persentasie van die werknemer se salaris is, wat ’n vaste bedrag regdeur die dienstydperk is of wat van die werknemer se ouderdom afhanklik is.

Voorbeeld wat paragraaf .98 en .99 illustreer: Bydraes van werknemers of derde partye
Die rekeningkundige vereistes vir bydraes van werknemers of derde partye word in die diagram hieronder geïllustreer.



(1) Hierdie stippelpyltjie beteken dat 'n entiteit toegelaat word om enige rekeningkunde te kies.

.100 Vir bydraes van werknemers of derde partye wat ooreenkomstig paragraaf .99(a) aan tydperke van diens toegeskryf word, het veranderinge in bydraes die volgende tot gevolg:

(a) huidige- of vorigedienskoste (indien daardie veranderinge nie in die formele bepalings van ŉ plan uiteengesit word en nie uit ŉ afgeleide verpligting ontstaan nie); of

(b) aktuariële winste en verliese (indien daardie veranderinge in die formele bepalings van ŉ plan uiteengesit word, of uit ŉ afgeleide verpligting ontstaan).

.101 Sommige na-aftredevoordele is gekoppel aan veranderlikes soos die vlak van voordeelgeregtigdhede van bestaansekerheidspensioene of staatsmediese sorg. Die meting van sulke voordele weerspieël die beste raming van sodanige veranderlikes, gegrond op historiese data en ander betroubare bewyse.

.102 Aannames oor mediese koste moet rekening hou met geraamde toekomstige veranderinge in die koste van mediese dienste, wat die gevolg is van sowel inflasie as spesifieke veranderinge in mediese koste.

.103 Meting van mediese voordele ná aftrede vereis aannames oor die vlak en frekwensie van toekomstige eise en die koste van voldoening aan daardie eise. ŉ Entiteit raam toekomstige mediese koste op grond van historiese data oor die entiteit se eie ervaring, aangevul waar nodig deur historiese data van ander entiteite, versekeringsmaatskappye, mediesediensverskaffers of ander bronne. Ramings van toekomstige mediese koste neem die uitwerking van tegnologiese vordering, veranderinge in gesondheidsorgbenutting of leweringspatrone en veranderinge in die gesondheidstatus van plandeelnemers in aanmerking.

.104 Die vlak en frekwensie van eise is veral gevoelig vir die ouderdom, gesondheidstatus en geslag van werknemers (en hul afhanklikes) en kan ook gevoelig wees vir ander faktore soos geografiese ligging. Derhalwe word historiese data aangesuiwer in die mate waarin die demografiese samestelling van die bevolking verskil van dié van die populasie wat as grondslag vir die historiese gegewens gebruik is. Dit word ook aangesuiwer waar daar betroubare bewyse is dat historiese tendense nie sal voortduur nie.

Vorigedienskoste en winste en verliese by vereffening

.105 Wanneer vorigedienskoste, of 'n wins of verlies by vereffening, bepaal word, moet 'n entiteit die netto omskrewevoordeellas (-bate) hermeet deur gebruik te maak van die huidige billike waarde van planbates en huidige aktuariële aannames (met inbegrip van huidige markrentekoerse en ander huidige markpryse), wat die volgende weerspieël:

(a) die voordele wat voor die planwysiging, -inkorting of -vereffening ingevolge die plan en die planbates aangebied word; en

(b) die voordele wat ná die planwysiging, -inkorting of -vereffening ingevolge die plan en die planbates aangebied word.

.106 'n Entiteit hoef nie tussen vorigedienskoste wat voortspruit uit 'n planwysiging, vorigedienskoste as gevolg van 'n inkorting en 'n wins of verlies by vereffening te

onderskei indien hierdie transaksies saam plaasvind nie. In sommige gevalle vind 'n planwysiging voor vereffening plaas, soos wanneer 'n entiteit die voordele ingevolge die plan verander en die gewysigde voordele later vereffen. In daardie gevalle erken 'n entiteit vorigedienskoste voor enige wins of verlies by vereffening.

.107 'n Vereffening vind saam met 'n planwysiging en inkorting plaas indien 'n plan beëindig word, met die gevolg dat die verpligting vereffen word en die plan ophou bestaan. Die beëindiging van 'n plan is egter nie 'n vereffening as die plan vervang word deur 'n nuwe plan wat voordele bied wat in wese dieselfde is nie.

.108 Wanneer 'n planwysiging, -inkorting of -vereffening plaasvind, moet 'n entiteit enige vorigedienskoste, of 'n wins of verlies by vereffening, in ooreenstemming met paragraaf .105 tot .107 en paragraaf .109 tot .119 erken en meet. Deur dit te doen, sal 'n entiteit nie die effek van die bateplafon in aanmerking neem nie. 'n Entiteit moet dan die effek van die bateplafon ná die planwysiging, -inkorting of -vereffening bepaal en moet enige verandering in daardie effek ooreenkomstig paragraaf .60(d) erken.

Vorigedienskoste

.109 Vorigedienskoste is die verandering in die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting wat as gevolg van ʼn planwysiging of -inkorting ontstaan.

.110 'n Entiteit moet vorigedienskoste as 'n uitgawe erken op die vroegste van die volgende datums:

(a) wanneer die planwysiging of -inkorting plaasvind;

(b) wanneer die entiteit verwante herstruktureringskoste (kyk AERP 19) of beëindigingsvoordele (kyk paragraaf .173) erken.

.111 'n Planwysiging vind plaas wanneer 'n entiteit 'n omskrewevoordeelplan instel, of onttrek, of die voordele betaalbaar ingevolge 'n bestaande omskrewevoordeelplan verander.

.112 'n Inkorting vind plaas wanneer 'n entiteit die aantal werknemers wat deur 'n plan gedek word, beduidend verminder. 'n Inkorting kan ontstaan as gevolg van 'n geïsoleerde gebeurtenis, soos die sluiting van 'n aanleg, staking van 'n bedryf of beëindiging of opskorting van 'n plan.

.113 Vorigedienskoste kan óf positief wees (wanneer voordele ingestel of verander word sodat die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting toeneem) óf negatief (wanneer voordele onttrek of verander word sodat die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting afneem).

.114 Indien 'n entiteit voordele betaalbaar ingevolge 'n bestaande omskrewevoordeelplan verminder en terselfdertyd ander voordele betaalbaar ingevolge die plan vir dieselfde werknemers verhoog, behandel die entiteit die verandering as 'n enkele netto verandering.

.115 Vorigedienskoste sluit nie die volgende in nie:

(a) die uitwerking van verskille tussen werklike en voorheen aanvaarde salarisverhogings op die verpligting om voordele vir diens in voorafgaande jare te betaal (daar is geen vorigedienskoste nie omdat aktuariële aannames voorsiening maak vir geprojekteerde salarisse);

(b) te lae of te hoë ramings van diskresionêre pensioenverhogings indien ŉ entiteit ŉ afgeleide verpligting het om sulke verhogings toe te staan (daar is geen vorigedienskoste nie omdat aktuariële aannames voorsiening maak vir sulke verhogings);

(c) ramings van voordeelverbeterings wat voortspruit uit aktuariële winste wat in die finansiële state erken is indien die entiteit verplig word, hetsy deur die formele bepalings van ŉ plan (of ŉ afgeleide verpligting wat verder as daardie bepalings strek) of wetgewing, om enige surplus in die plan tot voordeel van plandeelnemers te gebruik, selfs indien die voordeelverhoging nog nie formeel toegeken is nie (daar is geen vorigedienskoste nie omdat die gevolglike toename in die verpligting ŉ aktuariële verlies is – kyk paragraaf .94(b)); en

(d) die toename in gevestigde voordele (d.w.s. voordele wat nie voorwaardelik van toekomstige diens afhanklik is nie – kyk paragraaf .78) indien, in die afwesigheid van nuwe of verbeterde voordele, werknemers aan vestigingsvereistes voldoen (daar is geen vorigedienskoste nie omdat die entiteit die geraamde koste van voordele as huidigedienskoste erken het namate die diens gelewer is).

Winste en verliese by vereffening

.116 Die wins of verlies by vereffening is die verskil tussen:

(a) die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting wat vereffen word, soos bepaal op die vereffeningsdatum; en

(b) die vereffeningsprys, met inbegrip van enige planbates wat oorgedra is en enige betalings wat regstreeks deur die entiteit in verband met die skikking gemaak is.

.117 'n Entiteit moet 'n wins of verlies by die vereffening van 'n omskrewevoordeelplan erken wanneer die vereffening plaasvind.

.118 'n Skikking vind plaas wanneer 'n entiteit 'n transaksie aangaan wat alle verdere wetlike of afgeleide verpligtinge uitskakel vir 'n gedeelte van of al die voordele wat ingevolge 'n omskrewevoordeelplan voorsien word (uitgesonderd 'n betaling van voordele aan, of namens, werknemers ooreenkomstig die bepalings van die plan en wat by die aktuariële aannames ingesluit is); 'n eenmalige oordrag van wesenlike werkgewerverpligtinge ingevolge die plan aan 'n versekeringsmaatskappy deur die aankoop van 'n versekeringspolis is byvoorbeeld 'n skikking; 'n enkelbedragkontantbetaling aan plandeelnemers ingevolge die bepalings van die plan, in ruil vir hul regte om gespesifiseerde na-aftredevoordele te ontvang, is nie.

.119 In sommige gevalle verkry 'n entiteit 'n versekeringspolis om sommige of al die werknemersvoordele met betrekking tot werknemerdiens in die huidige en vorige

verslagdoeningstydperke te befonds. Die verkryging van so 'n polis is nie 'n skikking as die entiteit 'n wetlike of afgeleide verpligting (kyk paragraaf .49) behou om verdere bedrae te betaal indien die versekeraar nie die werknemersvoordele betaal wat in die versekeringspolis gespesifiseer word nie. Paragraaf .123 tot .126 handel oor die erkenning en meting van terugbetalingsregte ingevolge versekeringspolisse wat nie planbates is nie.

Erkenning en meting: Planbates

Billike waarde van planbates

.120 Die billike waarde van enige planbates word by die bepaling van die surplus of tekort van die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting afgetrek.

.121 Planbates sluit onbetaalde bydraes uit wat die verslagdoenende entiteit aan die fonds moet betaal, asook enige nie-oordraagbare finansiële instrumente wat deur die entiteit uitgereik is en deur die fonds gehou word. Planbates word verminder met enige laste van die fonds wat nie op werknemersvoordele betrekking het nie, byvoorbeeld krediteure en laste voortspruitend uit afgeleide finansiële instrumente.

.122 Indien planbates kwalifiserende versekeringspolisse insluit wat presies ooreenkom met die bedrag en tydsberekening van sommige van of al die voordele wat ingevolge die plan betaalbaar is, word die billike waarde van daardie versekeringspolisse geag die huidige waarde van die verbandhoudende verpligtinge te wees (behoudens enige vermindering wat nodig is indien die bedrae wat ingevolge die versekeringspolisse ontvangbaar is, nie ten volle verhaalbaar is nie).

Vergoeding

.123 Indien, en slegs indien, dit feitlik seker is dat 'n ander party sommige van of al die uitgawes wat nodig is om ’n omskrewevoordeelverpligting te vereffen, sal vergoed, moet ’n entiteit:

(a) Sy reg op vergoeding as ’n afsonderlike bate erken. Die entiteit moet die bate teen billike waarde meet.

(b) Veranderinge in die billike waarde van sy reg op terugbetaling disaggregeer en erken op dieselfde wyse as vir veranderinge in die billike waarde van planbates (kyk paragraaf .132 en .134). Die komponente van omskrewevoordeelkoste wat ooreenkomstig paragraaf .127 erken word, kan erken word ná aftrekking van bedrae wat verband hou met veranderinge in die drabedrag van die reg op terugbetaling.

.124 Soms is dit vir ’n entiteit moontlik om op ’n ander party, soos ’n versekeraar, staat te maak om ’n gedeelte van of die volle uitgawe te betaal wat nodig is om ’n omskrewevoordeelverpligting te vereffen. Kwalifiserende versekeringspolisse, soos omskryf in paragraaf .08, is planbates. ’n Entiteit bring kwalifiserende versekeringspolisse op dieselfde manier as alle ander planbates in rekening, en paragraaf .123 is nie van toepassing nie (kyk paragraaf .49 tot .52 en .122).

.125 Indien ŉ versekeringspolis wat deur ŉ entiteit gehou word nie ŉ kwalifiserende versekeringspolis is nie, is daardie versekeringspolis nie ŉ planbate nie. Paragraaf .123 is op sulke gevalle van toepassing: die entiteit erken sy reg op vergoeding ingevolge die versekeringspolis as ŉ afsonderlike bate, eerder as ŉ aftrekking by die vasstelling van die omskrewevoordeeltekort of -surplus. Paragraaf .148(b) vereis dat die entiteit ŉ kort beskrywing openbaar maak van die verband tussen die vergoedingsreg en die verbandhoudende verpligting.

.126 Indien die reg op vergoeding ooreenkomstig ŉ versekeringspolis of ŉ regtens bindende ooreenkoms ontstaan wat presies ooreenstem met die bedrag en tydsberekening van sommige van of al die voordele wat ooreenkomstig ŉ omskrewevoordeelplan betaalbaar is, word die billike waarde van die vergoedingsreg beskou as die huidige waarde van die verbandhoudende (behoudens enige vermindering wat nodig is indien die vergoeding nie ten volle verhaalbaar is nie).

Komponente van omskrewevoordeelkoste

.127 'n Entiteit moet die komponente van omskrewevoordeelkoste in surplus of tekort erken, behalwe in die mate dat 'n ander Standaard die insluiting daarvan by die koste van 'n bate vereis of toelaat, soos volg:

(a) dienskoste (kyk paragraaf .72 tot .119 en .129);

(b) netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) (kyk paragraaf .130 tot .134); en

(c) hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) (kyk paragraaf .135 tot .138).

.128 Ander Standaarde van AERP vereis die insluiting van sommige werknemersvoordeelkoste binne die koste van bates (kyk byvoorbeeld AERP 12, AERP 17, AERP 31 en AERP 103). Enige na-aftreevoordeelkoste wat by die koste van sodanige bates ingesluit is, sluit die toepaslike gedeelte in van die komponente wat in paragraaf .127 gelys word.

Huidigedienskoste

.129 'n Entiteit moet huidigedienskoste bepaal deur gebruik te maak van aktuariële aannames wat aan die begin van die verslagdoeningstydperk bepaal is. Indien 'n entiteit egter die netto omskrewevoordeellas (-bate) ooreenkomstig paragraaf .105 hermeet, moet hy die huidigedienskoste vir die res van die verslagdoeningstydperk ná die planwysiging, -inkorting of -vereffening bepaal deur gebruik te maak van die aktuariële aannames wat gebruik is om die netto omskrewevoordeellas (-bate) ooreenkomstig paragraaf .105(b) te hermeet.

Netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate)

.130 'n Entiteit moet netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) bepaal deur die netto omskrewevoordeellas (-bate) met die diskontokoers wat in paragraaf

.89 gespesifiseer is te vermenigvuldig.

.131 Om netto rente ooreenkomstig paragraaf .130 te bepaal, moet 'n entiteit die netto omskrewevoordeellas (-bate) en die diskontokoers gebruik wat aan die begin van die verslagdoeningstydperk bepaal is. Indien 'n entiteit egter die netto omskrewevoordeellas (-bate) ooreenkomstig paragraaf .105 hermeet, moet die entiteit netto rente vir die res van die verslagdoeningstydperk ná die planwysiging, -inkorting of -vereffening bepaal deur gebruik te maak van:

(a) die netto omskrewevoordeellas (-bate) wat ooreenkomstig paragraaf .105(b) bepaal is; en

(b) die diskontokoers wat gebruik is om die netto omskrewevoordeellas (-bate) ooreenkomstig paragraaf .105(b) te hermeet.

By die toepassing van hierdie paragraaf moet die entiteit ook enige veranderinge in die netto omskrewevoordeellas (-bate) gedurende die tydperk wat die gevolg is van bydraes of voordeelbetalings in aanmerking neem.

.132 Netto rente op die netto *omskrewevoordeellas (-bate)* kan beskou word as bestaande uit rente-inkomste op planbates, rentekoste op die omskrewevoordeelaanspreeklikheid en rente op die effek van die bateplafon wat in paragraaf .67 genoem word.

.133 Rente-inkomste op planbates is 'n komponent van die opbrengs op planbates, en word bepaal deur die billike waarde van die planbates te vermenigvuldig met die diskontokoers wat in paragraaf .131 gespesifiseer word. 'n Entiteit moet die billike waarde van die planbates aan die begin van die verslagdoeningstydperk bepaal. Indien 'n entiteit egter die netto omskrewevoordeellas (-bate) ooreenkomstig paragraaf .105 hermeet, moet die entiteit rente-inkomste vir die res van die verslagdoeningstydperk ná die planwysiging, -inkorting of -vereffening bepaal deur gebruik te maak van die planbates wat gebruik is om die plan ooreenkomstig paragraaf .105(b) te hermeet. By die toepassing van hierdie paragraaf moet die entiteit ook enige veranderinge in die planbates wat gedurende die tydperk gehou word en die gevolg van bydraes of voordeelbetalings is in aanmerking neem. Die verskil tussen die rente-inkomste op planbates en die opbrengs op planbates word by die hermeting van die netto omskrewevoordeellas (-bate) ingesluit.

.134 Rente op die effek van die bateplafon is deel van die totale verandering in die effek van die bateplafon en word bepaal deur die effek van die bateplafon te vermenigvuldig met die diskontokoers wat in paragraaf .131 gespesifiseer word. 'n Entiteit moet die effek van die bateplafon aan die begin van die verslagdoeningstydperk bepaal. Indien 'n entiteit egter die netto omskrewevoordeellas (-bate) ooreenkomstig paragraaf .105 hermeet, moet die entiteit rente op die effek van die bateplafon vir die res van die verslagdoeningstydperk ná die planwysiging, -inkorting of -vereffening bepaal, met inagneming van enige verandering in die effek van die bateplafon wat ooreenkomstig paragraaf .108 bepaal is. Die verskil tussen rente op die effek van die bateplafon en

die totale verandering in die effek van die bateplafon word by die hermeting van die netto omskrewevoordeellas (-bate) ingesluit.

Hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate)

.135 Hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) behels:

(a) aktuariële winste en verliese (kyk paragraaf .136 en .137);

(b) die opbrengs op planbates (kyk paragraaf .138), uitgesonderd bedrae ingesluit in netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) (kyk paragraaf .133);

(c) enige verandering in die effek van die bateplafon, uitgesonderd bedrae wat by die netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) ingesluit is (kyk paragraaf .134).

.136 Aktuariële winste en verliese is die gevolg van toenames of afnames in die huidige waarde van ŉ omskrewevoordeelverpligting as gevolg van veranderinge in aktuariële aannames en ervaringsaansuiwerings. Oorsake van aktuariële winste en verliese sluit byvoorbeeld die volgende in:

(a) onverwags hoë of lae koerse van werknemersomset, vroeë aftrede of sterftes of van verhogings in salarisse, voordele (indien die formele of afgeleide bepalings van 'n plan voorsiening maak vir inflasionêre voordeelverhogings) of mediese koste;

(b) die effek van veranderings aan aannames met betrekking tot voordeelbetalingsopsies;

(c) die effek van veranderings in ramings van toekomstige werknemersomset, vroeë aftrede of sterfte of van verhogings in salarisse, voordele (indien die formele of afgeleide bepalings van 'n plan voorsiening maak vir inflasionêre voordeelverhogings) of mediese koste; en

(d) die effek van veranderings in die diskontokoers.

.137 Aktuariële winste en verliese sluit nie veranderinge in die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting as gevolg van die instelling, wysiging, inkorting of vereffening van die omskrewevoordeelplan of veranderinge aan die voordele betaalbaar ingevolge die omskrewevoordeelplan in nie. Sulke veranderinge lei tot vorigedienskoste of winste of verliese by vereffening.

.138 By die bepaling van die opbrengs op planbates trek 'n entiteit die koste van die bestuur van die planbates en enige belasting af wat deur die plan self betaalbaar is, uitgesonderd belasting wat ingesluit is in die aktuariële aannames wat gebruik is om die omskrewevoordeelverpligting te meet (paragraaf .82). Ander administrasiekoste word nie van die opbrengs op planbates afgetrek nie.

Aanbieding

Verrekening

.139 ’n Entiteit moet ’n bate wat op een plan betrekking het verreken teen ’n las wat op 'n ander plan betrekking het indien, en slegs indien, die entiteit:

(a) ’n regtens afdwingbare reg het om ’n surplus in een plan aan te wend om verpligtinge ingevolge die ander plan af te los; en

(b) voornemens is om óf die verpligtinge op ’n netto grondslag af te los, óf die surplus in een plan te realiseer en sy verpligting ingevolge die ander plan terselfdertyd af te los.

.140 Die verrekeningsmaatstawwe is vergelykbaar met dié wat in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* (AERP 104) vir finansiële instrumente daargestel is.

Bedryfs-/niebedryfsonderskeid

.141 Sommige entiteite onderskei bedryfsbates en -laste van niebedryfsbates en -laste. Hierdie Standaard spesifiseer nie of ’n entiteit bedryfs- en niebedryfsgedeeltes van bates en laste wat uit na-aftreevoordele voortspruit, moet onderskei nie.

Komponente van omskrewevoordeelkoste

.142 Paragraaf .127 vereis van ’n entiteit om dienskoste, netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) en hermetings in surplus of tekort te erken. Hierdie Standaard spesifiseer nie hoe 'n entiteit dienskoste, netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) en hermetings moet aanbied nie. 'n Entiteit bied daardie komponente in ooreenstemming met AERP 1 aan.

Openbaarmaking

.143 ’n Entiteit moet inligting openbaar maak wat:

(a) die kenmerke van sy omskrewevoordeelplanne en risiko's wat daarmee gepaard gaan verduidelik (kyk paragraaf .147);

(b) die bedrae in sy finansiële state wat voortspruit uit sy omskrewevoordeelplanne identifiseer en verduidelik (kyk paragraaf .148 tot .151);

(c) beskryf hoe sy omskrewevoordeelplanne die bedrag, tydsberekening en onsekerheid van die entiteit se toekomstige kontantvloei kan beïnvloed (kyk paragraaf .152 tot .154).

.144 Om aan die oogmerke in paragraaf .143 te voldoen, moet 'n entiteit al die volgende oorweeg:

(a) die vlak van detail wat nodig is om aan die openbaarmakingsvereistes te voldoen;

(b) hoeveel klem op elk van die verskillende vereistes geplaas moet word;

(c) hoeveel aggregasie of disaggregasie om te onderneem;

(d) of gebruikers van finansiële state bykomende inligting benodig om die kwantitatiewe inligting wat openbaar gemaak word te evalueer.

.145 Indien die openbaarmakings wat in ooreenstemming met die vereistes in hierdie Standaard en ander Standaarde van AERP voorsien word onvoldoende is om die oogmerke in paragraaf .143 te bereik, moet 'n entiteit die bykomende inligting openbaar maak wat nodig is om daardie oogmerke te bereik. 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n ontleding van die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting aanbied wat die aard, kenmerke en risiko's van die verpligting onderskei. So 'n openbaarmaking kan onderskei:

(a) Tussen bedrae verskuldig aan aktiewe lede, uitgestelde lede en pensioenarisse.

(b) Tussen gevestigde voordele en voordele wat opgeloop maar nie gevestig is nie.

(c) Tussen voorwaardelike voordele, bedrae toeskryfbaar aan toekomstige salarisverhogings en ander voordele.

.146 'n Entiteit moet oordeel of alle of sommige openbaarmakings opgedeel moet word om planne of groepe planne met wesenlik verskillende risiko's te disaggregeer. 'n Entiteit kan byvoorbeeld openbaarmaking oor planne wat een of meer van die volgende kenmerke toon, disaggregeer:

(a) Verskillende geografiese liggings.

(b) Verskillende kenmerke soos uniformesalaris-pensioenplanne, eindsalaris-pensioenplanne of na-aftrede- mediese planne.

(c) Verskillende regulatoriese omgewings.

(d) Verskillende verslagdoeningsegmente.

(e) Verskillende befondsingsreëlings (bv. geheel onbefonds, geheel befonds of gedeeltelik befonds).

Kenmerke van omskrewevoordeelplanne en risiko's wat daarmee verband hou

.147 'n Entiteit moet die volgende openbaar maak:

(a) Inligting oor die kenmerke van sy omskrewevoordeelplanne, met inbegrip van:

(i) Die aard van die voordele wat deur die plan verskaf word (bv. eindsalaris-omskrewevoordeelplan of bydraegebaseerde plan met waarborg).

(ii) 'n Beskrywing van die regulatoriese raamwerk waarbinne die plan funksioneer, byvoorbeeld die vlak van enige minimum befondsingsvereistes, en enige effek van die regulatoriese raamwerk op die plan, soos die bateplafon (kyk paragraaf .67).

(iii) *'n Beskrywing van enige ander entiteit se verantwoordelikhede vir die korporatiewe bestuur van die plan, byvoorbeeld verantwoordelikhede van trustees of van die bestuur van die plan.*

(b) *'n Beskrywing van die risiko's waaraan die plan die entiteit blootstel, gefokus op enige ongewone, entiteitspesifieke of planspesifieke risiko's, en van enige beduidende konsentrasies van risiko. Indien planbates byvoorbeeld hoofsaaklik in een klas beleggings belê is, bv. eiendom, kan die plan die entiteit blootstel aan 'n konsentrasie van eiendomsmarkrisiko.*

(c) *'n Beskrywing van enige planwysigings, -inkortings en -vereffenings.*

(d) *Die grondslag waarop die diskontokoers bepaal is.*

Verduideliking van bedrae in die finansiële state

.148 *'n Entiteit moet 'n rekonsiliasie van die beginsaldo met die eindsaldo vir elk van die volgende verskaf, indien van toepassing:*

(a) *Die netto omskrewevoordeellas (-bate), wat afsonderlike rekonsiliasies toon vir:*

(i) *Planbates.*

(ii) *Die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting.*

(iii) *Die effek van die bateplafon.*

(b) *Enige vergoedingsregte. 'n Entiteit moet ook die verhouding tussen enige vergoedingsreg en die verbandhoudende verpligting beskryf.*

.149 *Elke rekonsiliasie wat in paragraaf .148 gelys word, moet elk van die volgende toon, indien van toepassing:*

(a) *Huidigedienskoste.*

(b) *Rente-inkomste of -uitgawe.*

(c) *Hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate), wat die volgende afsonderlik aandui:*

(i) *Die opbrengs op planbates, uitgesonderd bedrae wat by rente in (b) ingesluit is.*

(ii) *Aktuariële winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in demografiese aannames (kyk paragraaf .82(a)).*

(iii) *Aktuariële winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in finansiële aannames (kyk paragraaf .82(b)).*

(iv) *Veranderinge in die effek van die beperking van 'n netto omskrewevoordeelbate tot die bateplafon, uitgesonderd bedrae wat by rente in (b) ingesluit is. 'n Entiteit moet ook openbaar maak hoe hy die maksimum beskikbare ekonomiese voordeel bepaal het, d.w.s. of daardie*

voordele in die vorm van terugbetalings, verminderings in toekomstige bydraes of 'n kombinasie van beide sal wees.

(d) Vorigedienskoste en winste en verliese voortspruitend uit vereffenings. Soos deur paragraaf .106 toegelaat word, hoef vorigedienskoste en winste en verliese voortspruitend uit vereffennings nie onderskei te word indien dit gesamentlik voorkom nie.

(e) Die effek van veranderinge in wisselkoerse.

(f) Bydraes tot die plan, wat dié deur die werkgewer en dié deur plandeelnemers afsonderlik aandui.

(g) Betalings uit die plan, wat die bedrag wat betaal is ten opsigte van enige vereffenings afsonderlik toon.

(h) Die effek van oordragte van funksies, samesmeltings en vervreemdings.

.150 'n Entiteit moet die billike waarde van die planbates disaggregeer in klasse wat die aard en risiko's van daardie bates onderskei, en moet elke klas planbate onderverdeel in dié wat 'n gekwoteerde markprys op 'n aktiewe mark het en dié wat dit nie het nie. Met inagneming van die vlak van openbaarmaking wat in paragraaf .144 bespreek is, kan 'n entiteit byvoorbeeld onderskei tussen:

(a) kontant en kontantekwivalente;

(b) ekwiteitsinstrumente (gedisaggregeer volgens bedryfstipe, maatskappygrootte, geografie, ens.);

(c) skuldinstrumente (gedisaggregeer volgens tipe uitreiker, kredietgehalte, geografie, ens.);

(d) eiendom (gedisaggregeer volgens geografie, ens.); en

(e) alle ander bates.

.151 'n Entiteit moet die beduidende aktuariële aannames openbaar maak wat gebruik is om die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting te bepaal (kyk paragraaf .86). Sodanige openbaarmaking moet in absolute terme wees (bv. as 'n absolute persentasie, en nie net as 'n marge tussen verskillende persentasies en ander veranderlikes nie). Wanneer 'n entiteit openbaarmakings in totaal vir 'n groep planne verskaf, moet dit sodanige openbaarmakings in die vorm van geweegde gemiddeldes of betreklik klein bestekke verskaf.

Bedrag, tydsberekening en onsekerheid van toekomstige kontantvloei

.152 'n Entiteit moet die volgende openbaar maak:

(a) 'n Sensitiwiteitsontleding vir elke beduidende aktuariële aanname (soos openbaar gemaak ooreenkomstig paragraaf .151) vanaf die einde van die verslagdoeningstydperk, wat toon hoe die omskrewevoordeelverpligting

beïnvloed sou gewees het deur veranderinge in die betrokke aktuariële aanname wat redelikerwys moontlik was op daardie datum.

(b) Die metodes en aannames wat gebruik is by die opstelling van die sensitiwiteitsontledings wat deur (a) vereis word en die beperkings van daardie metodes.

(c) Veranderinge vanaf die vorige verslagdoeningstydperk in die metodes en aannames wat gebruik is in die opstel van die sensitiwiteitsontledings, en die redes vir sulke veranderinge.

.153 'n Entiteit moet 'n beskrywing openbaar maak van enige bate-las-paringstrategieë wat deur die plan of die entiteit gebruik word, met inbegrip van die gebruik van annuïteite en ander tegnieke, soos langlewendheidherversekering, om risiko te bestuur.

.154 Om 'n aanduiding te gee van die effek van die omskrewevoordeelplan op die entiteit se toekomstige kontantvloei, moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:

(a) 'n Beskrywing van enige befondsingsreëlings en befondsingsbeleid wat toekomstige bydraes beïnvloed.

(b) Die verwagte bydraes tot die plan vir die volgende verslagdoeningstydperk.

(c) Inligting oor die vervalprofiel van die omskrewevoordeelverpligting. Dit sal die geweegde gemiddelde duur van die omskrewevoordeelverpligting insluit en kan ander inligting oor die verspreiding van die tydsberekening van voordeelbetalings insluit, soos 'n vervalontleding van die voordeelbetalings.

Multiwerkgewerplanne

.155 Indien 'n entiteit aan 'n multiwerkgewer-omskrewevoordeelplan deelneem, moet die entiteit die volgende openbaar maak:

(a) 'n Beskrywing van die befondsingsreëlings, met inbegrip van die metode wat gebruik word om die entiteit se bydraekoers en enige minimum befondsingsvereistes te bepaal.

(b) 'n Beskrywing van die mate waarin die entiteit aanspreeklik kan wees teenoor die plan vir ander entiteite se verpligtinge ingevolge die bepalings en voorwaardes van die multiwerkgewerplan.

(c) 'n Beskrywing van enige ooreengekome toewysing van 'n tekort of surplus by:

(i) beëindiging van die plan; of

(ii) die entiteit se onttrekking uit die plan.

(d) Indien die entiteit die plan rekeningkundig verantwoord asof dit 'n omskrewebydraeplan ooreenkomstig paragraaf .35 is, moet dit die volgende

openbaar maak, benewens die inligting wat deur (a) tot (c) vereis word en in plaas van die inligting wat deur paragraaf .147 tot .154 vereis word:

- ***(i) Die feit dat die plan 'n omskrewebydraeplan is.***
- ***(ii) Die rede waarom voldoende inligting nie beskikbaar is om die entiteit in staat te stel om die plan rekeningkundig as 'n omskrewebydraeplan te verantwoord nie.***
- ***(iii) Die verwagte bydraes tot die plan vir die volgende verslagdoeningstydperk.***
- ***(iv) Inligting oor enige tekort of surplus in die plan wat die bedrag van toekomstige bydraes moontlik kan beïnvloed, met inbegrip van die grondslag wat gebruik word om daardie tekort of surplus te bepaal en die implikasies, indien daar is, vir die entiteit.***
- ***(v) 'n Aanduiding van die vlak van deelname van die entiteit aan die plan vergeleke met ander deelnemende entiteite. Voorbeelde van maatstawwe wat so 'n aanduiding kan gee, sluit in die entiteit se gedeelte van die totale bydraes tot die plan of die entiteit se gedeelte van die totale getal aktiewe lede, afgetrede lede en voormalige lede wat op voordele geregtig is, indien daardie inligting beskikbaar is.***

Omskrewevoordeelplanne wat risiko's deel tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer deel

.156 Indien 'n entiteit aan 'n omskrewevoordeelplan deelneem wat risiko's tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer deel, moet die entiteit die volgende openbaar maak:

- ***(a) Die bindende reëling om die netto omskrewevoordeelkoste te hef of die feit dat daar nie so 'n reëling is nie.***
- ***(b) Die beleid vir die bepaling van die bydrae wat deur die entiteit betaal moet word.***
- ***(c) Indien die entiteit 'n toewysing van die netto omskrewevoordeelkoste rekeningkundig verantwoord soos in paragraaf .42 aangedui, al die inligting oor die plan in die geheel soos deur paragraaf .143 tot .154 vereis.***
- ***(d) Indien die entiteit die bydrae betaalbaar vir die tydperk rekeningkundig verantwoord soos in paragraaf .42 aangedui, die inligting oor die plan in die geheel soos deur paragraaf .143 tot .145, .147, .150 tot .151 en .154(a) en (b) vereis.***

.157 Die inligting wat deur paragraaf .156(c) en (d) vereis word, kan openbaar gemaak word deur kruisverwysing na openbaarmakings in 'n ander groepsentiteit se finansiële state indien:

(a) ***daardie groepsentiteit se finansiële state afsonderlik die inligting wat oor die plan vereis word, identifiseer en openbaar maak; en***

(b) ***daardie groepsentiteit se finansiële state beskikbaar is vir gebruikers van die finansiële state op dieselfde voorwaardes as die finansiële state van die entiteit en op dieselfde tyd, of vroeër, as die finansiële state van die entiteit.***

Openbaarmakingsvereistes in ander Standaarde van AERP

.158 Indien dit deur AERP 20 vereis word, maak 'n entiteit inligting openbaar oor:

(a) verwantepartytransaksies met na-aftreevoordeelplanne; en

(b) na-aftreevoordele vir bestuur.

.159 Indien AERP 19 dit vereis, maak 'n entiteit inligting oor voorwaardelike aanspreeklikhede openbaar wat uit na-aftreevoordeelverpligtinge onstaan.

Ander langtermyn-werknemersvoordele

.160 Ander langtermyn-werknemersvoordele sluit items soos die volgende in, indien daar nie verwag word dat dit in die geheel voor twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die werknemers die verwante diens lewer, vereffen sal word nie:

(a) langtermynafwesighede met vergoeding, soos langdiens- of sabbatsverlof;

(b) ander langdiensvoordele;

(c) langtermyn-ongeskiktheidsvoordele;

(d) bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings

(e) uitgestelde vergoeding; en

(f) vergoeding betaalbaar deur die entiteit totdat ŉ individu ŉ nuwe betrekking aanvaar.

.161 Die meting van ander langtermyn-werknemersvoordele is nie gewoonlik aan dieselfde mate van onsekerheid as die meting van na-aftreevoordele onderhewig nie. Om hierdie rede vereis hierdie Standaard 'n vereenvoudigde metode om ander langtermyn-werknemersvoordele rekeningkundig te verantwoord.

.162 Hierdie Standaard sluit ŉ weerlegbare vermoede in dat langtermyn-ongeskiktheidsbetalings nie gewoonlik aan dieselfde graad van onsekerheid as die meting van na-aftreevoordele onderhewig is nie. Indien hierdie veronderstelling weerlê word, oorweeg die entiteit dit of sommige of alle langtermyn-ongeskiktheidsbetalings ooreenkomstig paragraaf .57 tot .141 in rekening gebring moet word.

Erkenning en meting

.163 By die erkenning en meting van die surplus of tekort in 'n ander langtermyn-werknemervoordeelplan, moet 'n entiteit paragraaf .59 tot .104 en .120 tot .122

toepas. 'n Entiteit moet paragraaf .123 tot .126 toepas by die erkenning en meting van enige terugbetalingsreg.

.164 In die geval van ander langtermyn-werknemersvoordele moet 'n entiteit die netto totaal van die volgende bedrae as 'n surplus of tekort erken, buiten in die mate dat 'n ander Standaard die insluiting daarvan by die koste van 'n bate vereis of toelaat:

(a) dienskoste (kyk paragraaf .72 tot .119 en .129);

(b) netto rente op die netto omskrewevoordeellas (-bate) (kyk paragraaf .130 tot .134); en

(c) hermetings van die netto omskrewevoordeellas (-bate) (kyk paragraaf .135 tot .138).

.165 Een vorm van ander langtermyn-werknemersvoordele is langtermyn-ongeskiktheidsvoordele. Indien die voordeelvlak van die lengte van diens afhang, ontstaan 'n verpligting wanneer die diens gelewer word. Meting van daardie verpligting weerspieël die waarskynlikheid dat betaling vereis sal word en die tydsduur waarvoor betaling na verwagting gemaak sal word. Indien die voordeelvlak dieselfde is vir enige werknemer wat ongeskik raak ongeag jare diens, word die verwagte koste van daardie voordele erken wanneer 'n gebeurtenis plaasvind wat 'n langtermynongeskiktheid veroorsaak.

Openbaarmaking

.166 'n Entiteit moet inligting openbaar maak wat:

(a) die kenmerke verduidelik van sy ander langtermyn-werknemersvoordele en risiko's wat daarmee verband hou;

(b) die bedrae in sy finansiële state wat voortspruit uit sy ander langtermyn-werknemersvoordele identifiseer en verduidelik; en

(c) beskryf hoe sy ander langtermyn-werknemersvoordele die bedrag, tydsberekening en onsekerheid van die entiteit se toekomstige kontantvloei kan beïnvloed.

.167 Hierdie Standaard vereis nie dat spesifieke inligting openbaar gemaak moet word om die doelwitte te bereik wat in paragraaf .166 uiteengesit word nie. 'n Entiteit moet oorweeg of die openbaarmakingsvereistes in ander Standaarde van AERP daartoe bydra om hierdie doelwitte te bereik. Dit sluit in:

- AERP 20 vereis openbaarmakings oor werknemersvoordele, wat ander langtermynvoordele vir bestuur insluit.
- AERP 1 vereis openbaarmaking van werknemersvoordele-uitgawe en sleutelbronne van beramingsonsekerheid.
- AERP 19 vereis openbaarmakings oor voorsienings en voorwaardelike laste.

Indien die openbaarmakings wat ooreenkomstig die vereistes in ander standaarde van AERP verskaf word onvoldoende is om die doelwitte in paragraaf .166 te bereik, moet 'n entiteit bykomende inligting openbaar maak wat nodig is om daardie doelwitte te bereik.

Diensbeëindigingsvoordele

.168 Hierdie Standaard handel oor diensbeëindigingsvoordele afsonderlik van ander werknemersvoordele omdat die gebeurtenis wat tot ŉ verpligting aanleiding gee, eerder die diensbeëindiging as werknemerdiens is. Diensbeëindigingsvoordele is die gevolg van óf 'n entiteit se besluit om die diens te beëindig óf 'n werknemer se besluit om 'n entiteit se aanbod van voordele te aanvaar in ruil vir diensbeëindiging.

.169 Diensbeëindigingsvoordele sluit nie werknemersvoordele in wat voortspruit uit diensbeëindiging op versoek van die werknemer sonder 'n entiteit se aanbod, of as gevolg van verpligte aftreevereistes nie, want daardie voordele is na-aftreevoordele. Sommige entiteite bied 'n laer voordeel vlak vir diensbeëindiging op versoek van die werknemer (in wese 'n na-aftreevoordeel) as vir diensbeëindiging op versoek van die entiteit. Die verskil tussen die voordeel wat voorsien word vir diensbeëindiging op versoek van die werknemer en 'n hoër voordeel wat op versoek van die entiteit verskaf word, is 'n diensbeëindigingsvoordeel.

.170 Die vorm van die werknemersvoordeel bepaal nie of dit verskaf word in ruil vir diens of in ruil vir die beëindiging van die werknemer se diens nie. Diensbeëindigingsvoordele is tipies enkelbedragbetalings, maar sluit soms ook die volgende in:

(a) Verbetering van na-aftreevoordele, hetsy onregstreeks deur ŉ werknemervoordeelplan of regstreeks.

(b) Salaris tot aan die einde van ŉ gespesifiseerde kennisgewingstydperk indien die werknemer geen verdere diens lewer wat ekonomiese voordele vir die entiteit inhou nie.

.171 Aanduiders dat 'n werknemersvoordeel in ruil vir dienste verskaf word, sluit die volgende in:

(a) Die voordeel is voorwaardelik daarvan afhanklik dat toekomstige diens gelewer word (met inbegrip van voordele wat toeneem indien verdere diens gelewer word).

(b) Die voordeel word verskaf ooreenkomstig die bepalings van 'n werknemervoordeelplan.

.172 Sommige diensbeëindigingsvoordele word voorsien ooreenkomstig die bepalings van 'n bestaande werknemersvoordeelplan. Dit kan byvoorbeeld deur wetgewing, dienskontrakte of vakbondooreenkomste gespesifiseer word, of kan implisiet wees as gevolg van die werkgewer se vorige praktyk om soortgelyke voordele te verskaf. Nog 'n voorbeeld is dat, indien 'n entiteit 'n aanbod van voordele vir meer as 'n kort tydperk beskikbaar stel, of daar meer as 'n kort tydperk tussen die aanbod en die verwagte datum van werklike beëindiging is, die entiteit dit oorweeg of dit 'n nuwe

werknemervoordeelplan daargestel het, en dus of die voordele wat ooreenkomstig daardie plan aangebied word, diensbeëindigingsvoordele of na-aftredevoordele is. Werknemersvoordele ooreenkomstig die bepalings van 'n werknemervoordeelplan verskaf word, is beëindigingsvoordele indien hulle voortspruit uit 'n entiteit se besluit om 'n werknemer se diens te beëindig sowel as nie voorwaardelik daarvan afhanklik is dat toekomstige diens gelewer word nie.

.173 Sommige werknemersvoordele is betaalbaar ongeag die rede vir die werknemer se diensverlating. Die betaling van sulke voordele is seker (behoudens enige vestiging of minimum diensvereistes), maar die tydsberekening van die betaling daarvan is onseker. Hoewel sodanige voordele as diensbeëindigingskadeloosstelling of diensbeëindigingsgratifikasies beskryf word, is dit na-aftreevoordele eerder as diensbeëindigingsvoordele en moet ’n entiteit dit rekeningkundig as na-aftreevoordele verantwoord.

Erkenning

.174 ’n Entiteit moet ’n las en ’n uitgawe vir diensbeëindigingsvoordele op die vroegste van die volgende datums erken:

(a) wanneer die entiteit nie meer die aanbod van daardie voordele kan terugtrek nie; en

(b) wanneer die entiteit koste erken vir 'n herstrukturering wat binne die omvang van AERP 19 val en die betaling van diensbeëindigingsvoordele behels.

.175 In die geval van diensbeëindigingsvoordele wat betaalbaar is as gevolg van 'n werknemer se besluit om 'n aanbod van voordele in ruil vir die diensbeëindiging te aanvaar, is die tyd wanneer 'n entiteit nie meer die aanbod van beëindigingsvoordele kan terugtrek nie, die vroegste van die volgende:

(a) wanneer die werknemer die aanbod aanvaar; en

(b) wanneer 'n beperking (bv. 'n wetlike, regulatoriese of kontraktuele vereiste of ander beperking) op die entiteit se vermoë om die aanbod te onttrek in werking tree. Dit sou wees wanneer die aanbod gemaak word, indien die beperking ten tyde van die aanbod bestaan het.

.176 In die geval van beëindigingsvoordele wat betaalbaar is as gevolg van 'n entiteit se besluit om 'n werknemer se diens te beëindig, kan die entiteit nie meer die aanbod terugtrek wanneer die entiteit 'n diensbeëindigingsplan wat aan al die volgende maatstawwe voldoen aan die geaffekteerde werknemers gekommunikeer het nie:

(a) Handelinge wat nodig is om die plan te voltooi daarop dui dat dit onwaarskynlik is dat beduidende veranderinge aan die plan aangebring sal word.

(b) Die plan identifiseer die getal werknemers wie se diens beëindig gaan word, hul posklassifikasies of funksies en hul lokaliteite (maar die plan hoef nie elke individuele werknemer te identifiseer nie), asook die verwagte voltooiingsdatum.

(c) Die plan bepaal die diensbeëindigingsvoordele wat werknemers sal ontvang in voldoende besonderhede dat werknemers die tipe en bedrag van voordele kan bepaal wat hulle sal ontvang wanneer hul diens beëindig word.

.177 Wanneer 'n entiteit diensbeëindigingsvoordele erken, kan die entiteit ook rekening hou met 'n planwysiging of 'n inkorting van aftreevoordele of ander werknemersvoordele (kyk paragraaf .110).

Meting

.178 'n Entiteit moet beëindigingsvoordele by aanvanklike erkenning meet, en moet daaropvolgende veranderinge meet en erken, ooreenkomstig die aard van die werknemervoordeel, met dien verstande dat indien die diensbeëindigingsvoordele 'n verbetering van na-aftreevoordele is, die entiteit die vereistes vir na-aftreevoordele moet toepas. Andersins:

(a) Indien die diensbeëindigingsvoordele na verwagting volledig vereffen sal word voor twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die diensbeëindigingsvoordeel erken word, moet die entiteit die vereistes vir korttermyn-werknemersvoordele toepas.

(b) Indien daar nie verwag word dat die diensbeëindigingsvoordele volledig vereffen sal word voor twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die diensbeëindigingsvoordeel erken word nie, moet die entiteit die vereistes vir ander langtermyn-werknemersvoordele toepas.

.179 Omdat diensbeëindigingsvoordele nie in ruil vir diens verskaf word nie, is paragraaf .76 tot .80 met betrekking tot die toeskrywing van die voordeel aan dienstydperke nie van toepassing nie.

Voorbeeld wat paragraaf .168 tot .179 illustreer: Diensbeëindigingsvoordele

Agtergrond

As gevolg van 'n onlangse verandering in wetgewing beplan 'n entiteit om 'n inentingsprogram oor 10 maande te beëindig en op daardie tydstip die diens van al die oorblywende werknemers in die program te beëindig. Omdat die entiteit die kundigheid van die werknemers in die program benodig om ’n aantal kontrakte te voltooi, kondig die entiteit 'n beëindigingsplan soos volg aan.

Elke werknemer wat aanbly en diens lewer tot die sluiting van die program sal op die beëindigingsdatum 'n kontantbetaling van R30 000 ontvang. Werknemers wat voor die sluiting van die program diens verlaat, sal R10 000 ontvang.

Daar is 120 werknemers in die program. Ten tyde van die aankondiging van die plan verwag die entiteit dat 20 van hulle voor sluiting van die program diens sal verlaat. Daarom is die totale verwagte kontantuitvloei ooreenkomstig die plan R3 200 000 (d.w.s. 20 × R10 000 + 100 × R30 000). Soos deur paragraaf .168 vereis word, verantwoord die entiteit voordele wat vir diensbeëindiging verskaf word rekeningkundig as diensbeëindigingsvoordele, en

verantwoord voordele wat vir dienste verskaf word as korttermyn-werknemersvoordele.

Diensbeëindigingsvoordele

Die voordeel wat vir diensbeëindiging voorsien word, is R10 000. Dit is die bedrag wat 'n entiteit sal moet betaal vir die beëindiging van die diens, ongeag of die werknemers aanbly en diens lewer tot die sluiting van die program en of hulle voor sluiting diens verlaat. Selfs al kan die werknemers voor sluiting diens verlaat, is die beëindiging van alle werknemers se diens 'n gevolg van die entiteit se besluit om die program te staak en hul diens te beëindig (m.a.w. alle werknemers sal diens verlaat wanneer die program eindig). Daarom erken die entiteit 'n aanspreeklikheid van R1 200 000 (d.w.s. 120 × R10 000) vir die diensbeëindigingsvoordele wat ooreenkomstig die werknemervoordeelplan verskaf word wanneer die beëindigingsplan aangekondig word of wanneer die entiteit die herstruktureringskoste erken wat met die sluiting van die program verband hou, watter ook al die vroegste is.

Voordele verskaf vir diens

Die inkrementele voordele wat werknemers sal ontvang as hulle dienste vir die volle tydperk van tien maande lewer, is vir dienste wat oor daardie tydperk gelewer word. Die entiteit verantwoord dit as korttermynwerknemersvoordele omdat die entiteit verwag om dit voor twaalf maande ná die einde van die verslagdoeningstydperk te vereffen. In hierdie voorbeeld word diskontering nie vereis nie, dus word 'n uitgawe van R200 000 (d.w.s. R2 000 000 ÷ 10) in elke maand gedurende die dienstydperk van 10 maande erken, met 'n ooreenstemmende toename in die drabedrag van die las.

Openbaarmaking

.180 'n Entiteit moet inligting openbaar maak wat:

(a) die kenmerke van die entiteit se diensbeëindigingsvoordele en risiko's daaraan verbonde verduidelik;

(b) (b) die bedrae in die entiteit se finansiële state wat voortspruit uit die entiteit se diensbeëindigingsvoordele identifiseer en verduidelik;

(c) beskryf hoe die entiteit se diensbeëindigingsvoordele die bedrag, tydsberekening en onsekerheid van die entiteit se toekomstige kontantvloei kan beïnvloed.

.181 Hierdie Standaard vereis nie dat spesifieke inligting openbaar gemaak word om die doelwitte te bereik wat in paragraaf .180 uiteengesit word nie. 'n Entiteit moet oorweeg of die openbaarmakingsvereistes in ander Standaarde van AERP tot die bereiking van hierdie doelwitte bydra. Dit sluit in:

- AERP 20, wat openbaarmakings oor werknemersvoordele vereis, met inbegrip van diensbeëindigingsvoordele vir bestuur.
- AERP 1, wat openbaarmaking van werknemersvoordele-uitgawes en sleutelbronne van ramingsonsekerheid vereis.

- AERP 19, wat openbaarmaking oor voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede vereis.

Indien die openbaarmakings wat ooreenkomstig die vereistes in ander Standaarde van AERP voorsien word onvoldoende is om die doelwitte in paragraaf .180 te bereik, moet 'n entiteit bykomende inligting openbaar maak wat nodig is om daardie doelwitte te bereik.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

.182 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalings van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

.183 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal sal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie Standaard vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Herroeping van die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele* (2009)

.184 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele* wat in 2009 uitgegee is.

Bylae A –Gevolglike wysigings aan Standaarde van AERP

Die doel van hierdie bylae is om die gevolglike wysigings aan ander Standaarde van AERP te identifiseer wat die gevolg is van die uitreiking van hier die Standaard. Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is.

A1. AERP 35 *Gekonsolideerde Finansiële State*

Wysig die volgende paragrawe in AERP 35:

Bylae A – Toepassingsriglyne

Toepaslike aktiwiteite en beheer van toepaslike aktiwiteite

TR14. Voorbeelde van besluite oor toepaslike aktiwiteite sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

(a) neem van bedryfs- en kapitaalbesluite van 'n entiteit, met inbegrip van begrotings; en

(b) aanstelling en vergoeding 'n entiteit se ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ of diensverskaffers en die beëindiging van hul dienste of indiensneming.

TR17. Voorbeelde van regte wat, hetsy individueel of in kombinasie, aan 'n entiteit bevoegdheid kan verleen, sluit die volgende in maar is nie daartoe beperk nie:

(a) …;

(b) …;

(c) regte tot aanstelling, hertoedeling of verwydering van lede van 'n ander entiteit se ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ wat oor die vermoë beskik om die toepaslike aktiwiteite te beheer;

TR20. In sommige gevalle kan dit moeilik wees om te bepaal of 'n entiteit se regte voldoende is om aan hom bevoegdheid oor 'n ander entiteit te verleen. In sodanige gevalle, ten einde dit moontlik te maak om die evaluering van bevoegdheid te doen, moet die entiteit bewyse daarvan of hy oor die praktiese vermoë beskik om die betrokke aktiwiteite eensydig te beheer oorweeg. Oorweging word geskenk aan, maar is nie beperk nie tot, die volgende, wat, wanneer dit saam met sy regte en die aanwysers in paragraaf TR21 en TR22 oorweeg word, bewyse kan voorsien dat die entiteit se regte voldoende is om aan hom bevoegdheid oor die ander entiteit te verleen:

(a) die entiteit kan 'n ander entiteit se ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ wat oor die vermoë beskik om die toepaslike aktiwiteite te beheer, aanstel of goedkeur;

(b) …;

(c) …;

(d) die ander entiteit se ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ is verwante partye van die entiteit (byvoorbeeld, die hoof- uitvoerende beampte van die ander entiteit en die hoof- uitvoerende beampte van die entiteit is dieselfde persoon); of ...

TR21. Soms is daar aanduidings dat die entiteit 'n spesiale verhouding met die ander entiteit het, wat suggereer dat die entiteit meer as 'n passiewe belangstelling in die ander entiteit het. Die bestaan van enige individuele aanwyser, of 'n spesifieke kombinasie van aanwysers, beteken nie noodwendig dat daar aan die maatstaf van bevoegdheid voldoen word nie. Indien 'n entiteit meer as 'n passiewe belangstelling in 'n ander entiteit het, kan dit daarop dui dat die entiteit ander verwante regte het wat voldoende is om aan hom bevoegdheid te verleen of kan dit bewys van bestaande bevoegdheid oor 'n ander entiteit voorsien. Die volgende suggereer byvoorbeeld dat die entiteit meer as 'n passiewe belangstelling in die ander entiteit het en, in kombinasie met ander regte, op bevoegdheid kan dui:

(a) Die verhouding tussen die entiteit en die ander entiteit se bedrywighede is een van afhanklikheid, soos in die volgende situasies:

(i) …

(ii) …

(iii) …

(iv) …

(v) Die entiteit voorsien ~~sleutelpersoneel~~bestuur aan die ander entiteit (wanneer die entiteit se personeel byvoorbeeld gespesialiseerde kennis van die ander entiteit se bedrywighede het) en die ander entiteit is hiervan afhanklik.

Verhoudings met ander partye

AG77. Die volgende is voorbeelde van sodanige ander partye wat, uit die aard van hul verhouding, as de facto-agente vir die entiteit mag optree:

(a) …

(b) …

(c) …

(d) …

(e) 'n Ander entiteit waarvan die meerderheid van die lede van sy direksie of soortgelyke beheerliggaam of sy ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ dieselfde as dié van die entiteit is.

Billikewaardemetings

TR104. 'n Noodsaaklike element van die omskrywing van 'n beleggingsentiteit is dat dit die prestasie van wesenlik al sy beleggings op 'n billikewaardegrondslag meet, omdat

die gebruik van billike waarde meer toepaslike inligting tot gevolg het as, byvoorbeeld, om sy beheerde entiteite te konsolideer of die ekwiteitsmetode vir sy belange in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings te gebruik. Om te demonstreer dat dit aan hierdie element van die omskrywing voldoen, moet 'n beleggingsentiteit:

(a) …; en

(b) billikewaarde-inligting intern aan die entiteit se ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ rapporteer (soos omskryf in die Standaard van AERP oor Openbaarmakings oor Verwante partye) wat billike waarde gebruik as die primêre metingskenmerk om die prestasie van wesenlik al hul beleggings te evalueer en beleggingsbesluite te neem.

Bylae D – Illustrerende voorbeelde

Voorbeeld 26

…

Die munisipaliteit het 'n mengsel van regte oor die trust, met inbegrip van die reg tot:

(a) aanstelling, hertoedeling of verwydering van lede van die trust se ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ wat oor die vermoë beskik om die toepaslike aktiwiteite te beheer;

…

Voorbeeld 39

Vaste-eiendomentiteit is gevorm om kleinhandels-, kantoor- en ander kommersiële eiendomme te ontwikkel, te besit en te bedryf. Vaste-eiendomentiteit hou tipies is sy eiendom in afsonderlike, beheerde volbesitentiteite, wat geen ander wesenlike bates of laste het behalwe lenings wat gebruik word om die verbandhoudende beleggingseiendom te finansier nie. Vaste-eiendomentiteit en elk van sy beheerde entiteite rapporteer hul beleggingseiendomme teen billike waarde ooreenkomstig AERP 16. Vaste-eiendomentiteit het nie 'n vasgestelde tydskaal vir die vervreemding van sy eiendomsbeleggings nie, maar gebruik billike waarde om die optimale tyd vir vervreemding te help identifiseer. Hoewel billike waarde is een prestasieaanwyser is, sal Vaste-eiendomentiteit en sy beleggers ander maatstawwe gebruik, met inbegrip van inligting oor verwagte kontantvloei, huurinkomste en uitgawes, om prestasie te evalueer en beleggingsbesluite te neem. Die ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ van Vaste-eiendomentiteit beskou nie billikewaarde inligting as die primêre metingskenmerk om die prestasie van sy beleggings te evalueer nie, maar eerder as deel van 'n groep ewe toepaslike sleutelprestasieaanwysers.

…

A2. AERP 104 *Finansiële Instrumente*

Wysig die volgende paragrawe in AERP 104:

Kwantitatiewe openbaarmakings (kyk Bylae A paragraaf TR8.6 tot TR8.37)

.126 Vir elke tipe risiko wat uit finansiële instrumente onstaan, moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:

(a) opsommende kwantitatiewe data oor die entiteit se blootstelling aan daardie risiko aan die einde van die verslagdoeningstydperk. Hierdie openbaarmaking moet gebaseer wees op die inligting wat intern aan ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ van die entiteit voorsien is (soos omskryf in AERP 24), byvoorbeeld die entiteit se direksie, beheerliggaam en hoof- uitvoerende beampte of permanente hoof;

(b) ...

Datum van inwerkingtrede

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

.137C Paragraaf .126(a) is gewysig deur die Standaard van AERP oor Werknemersvoordele wat in April 2021 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysiging terugwerkend toepas vir finansiële jaartydperke wat op of ná DDMMJJJJ begin. Indien 'n entiteit verkies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Bylae A - Toepassingsriglyne

Kwantitatiewe openbaarmakings (paragraaf .126)

AG159. Paragraaf .126(a) vereis openbaarmakings van opsommende kwantitatiewe data oor 'n entiteit se blootstelling aan risiko's, op grond van die inligting wat intern aan ~~sleutel~~bestuur~~spersoneel~~ van die entiteit voorsien is. Indien 'n entiteit verskeie metodes gebruik om risikoblootstelling te bestuur, moet die entiteit inligting openbaar maak met gebruik van die metode of metodes wat die mees toepaslike en betroubare inligting voorsien. Die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute bespreek toepaslikheid en betroubaarheid.

Kwantitatiewe likiditeitopenbaarmaking (paragraaf .131(a) en (b))

AG163. Ooreenkomstig paragraaf .126(a) maak 'n entiteit opsommende kwantitatiewe data oor sy blootstelling aan likiditeitsrisiko openbaar op grondslag van die inligting wat intern aan ~~sleutel~~bestuur~~personeel~~ voorsien is. 'n Entiteit moet verduidelik hoe hierdie data bepaal word. Indien die uitvloei van kontant (of 'n ander finansiële bate) wat by die data ingesluit is:

…

A3. DIRECTIVE[2] 2 *Transitional Provisions for Public Entities, Trading Entities, Municipal Entities, Public Technical and Vocational Education and Training Colleges, and Constitutional Institutions*

Amend and delete the following paragraphs in Directive 2:

GRAP 25 *Employee Benefits*

Transitional provisions

All employee benefits

.53 All changes resulting from the application of the Standard of GRAP on Employee Benefits (GRAP 25) shall be accounted for retrospectively in accordance with the requirements of GRAP 3, except that:~~.~~

(a) An entity need not adjust the carrying amount of assets outside the scope of GRAP 25 for changes in employee benefit costs that were included in the carrying amount before the date of initial adoption. The date of initial adoption is the beginning of the earliest prior period presented in the first financial statements in which the entity adopts GRAP 25.

(b) An entity need not present comparative information for the disclosures required by paragraph .147 about the sensitivity of the defined benefit obligation.

~~.54 When an entity initially adopts a Standard of GRAP, GRAP 3 requires an entity to apply the requirements of the Standard being adopted retrospectively.~~

~~**Defined benefit plans**~~

~~***.55 On the initial adoption of GRAP 25, an entity shall determine the net liability (asset) for defined benefit plans at that date as:***~~

~~***(a) the present value of the obligations (see paragraphs .76 to .112 of the Standard) at the date of adoption;***~~

~~***(b) minus the fair value, at the date of adoption, of plan assets (if any) out of which the obligations are to be settled directly (see paragraphs .113 to .122 of the Standard);***~~

~~***(c) plus any liability that may arise as a result of a minimum funding requirement (see paragraphs .71 to .73 of the Standard).***~~

~~***.56 If the amount determined for defined benefit plans on initial adoption of GRAP 25 is negative (an asset), the amount shall be measured using the asset recognition ceiling in paragraphs .68 to .70 of the Standard.***~~

[2] Lasgewings (Directives) is slegs in Engels gepubliseer.

~~***.57 The net liability (asset) recognised at the date of adoption in accordance with paragraph .55 includes all cumulative actuarial gains and losses and past service costs.***~~

~~.58 The net liability (asset) on the date of adoption includes both recognised and previously unrecognised actuarial gains and losses and past service costs that arose in prior periods.~~

~~***.59 Any difference between the net liability (asset) determined using GRAP 25 and the entity's previous accounting policy is accounted for retrospectively in accordance with GRAP 3.***~~

~~***.60 In the year of adoption, an entity is required to present a reconciliation of the net liability (asset) determined using its previous accounting policy, and the net liability (asset) determined using GRAP 25, showing separately the effect of:***~~

~~***(a) unrecognised actuarial gains and losses;***~~

~~***(b) unrecognised past service costs; and***~~

~~***(c) other changes.***~~

~~***The reconciliation shall be presented in the notes to the financial statements.***~~

~~***.61 In the year that an entity initially adopts GRAP 25, it discloses the information in paragraph .136(m) to the extent that it is available and/or previously disclosed.***~~

~~.62 The information specified in paragraph .136(m) relates to the present value of the defined benefit obligation, the fair value of the plan assets, the surplus or deficit in the plan, and certain experience adjustments. This information is required for the current and previous four reporting periods. An entity discloses this information to the extent that it is available and/or was previously disclosed. For example, if an entity only has information about the last three reporting periods, then disclosure of the current year and three-year historical information is sufficient in the year of adoption.~~

…

A4. DIRECTIVE 3 *Transitional Provisions for High Capacity Municipalities*

Amend and delete the following paragraphs in Directive 3:

GRAP 25 *Employee Benefits*

Transitional provisions

All employee benefits

.65 All changes resulting from the application of the Standard of GRAP on Employee Benefits (GRAP 25) shall be accounted for retrospectively in accordance with the requirements of GRAP 3, except that:~~.~~

(a) ***An entity need not adjust the carrying amount of assets outside the scope of GRAP 25 for changes in employee benefit costs that were included in the carrying amount before the date of initial adoption. The date of initial adoption is the beginning of the earliest prior period presented in the first financial statements in which the entity adopts GRAP 25.***

(b) ***An entity need not present comparative information for the disclosures required by paragraph .147 about the sensitivity of the defined benefit obligation.***

~~.66 When an entity initially adopts a Standard of GRAP, GRAP 3 requires an entity to apply the requirements of the Standard being adopted retrospectively.~~

~~**Defined benefit plans**~~

~~***.67 On the initial adoption of GRAP 25, an entity shall determine the net liability (asset) for defined benefit plans at that date as:***~~

~~***(a) the present value of the obligations (see paragraphs .76 to .112 of the Standard) at the date of adoption;***~~

~~***(b) minus the fair value, at the date of adoption, of plan assets (if any) out of which the obligations are to be settled directly (see paragraphs .113 to .122 of the Standard);***~~

~~***(c) plus any liability that may arise as a result of a minimum funding requirement (see paragraphs .71 to .73 of the Standard).***~~

~~***.68 If the amount determined for defined benefit plans on initial adoption of GRAP 25 is negative (an asset), the amount shall be measured using the asset recognition ceiling in paragraphs .68 to .70 of the Standard.***~~

~~***.69 The net liability (asset) recognised at the date of adoption in accordance with paragraph .67 includes all cumulative actuarial gains and losses and past service costs.***~~

~~.70 The net liability (asset) on the date of adoption includes both recognised and previously unrecognised actuarial gains and losses and past service costs that arose in prior periods.~~

~~***.71 Any difference between the net liability (asset) determined using GRAP 25 and the entity's previous accounting policy is accounted for retrospectively in accordance with GRAP 3.***~~

~~***.72 In the year of adoption, an entity is required to present a reconciliation of the net liability (asset) determined using its previous accounting policy, and the net liability (asset) determined using GRAP 25, showing separately the effect of:***~~

~~***(a) unrecognised actuarial gains and losses;***~~

~~***(b) unrecognised past service costs; and***~~

~~***(c) other changes.***~~

~~***The reconciliation shall be presented in the notes to the financial statements.***~~

~~***.73 In the year that an entity initially adopts GRAP 25, it discloses the information in paragraph .136(m) to the extent that it is available and/or previously disclosed.***~~

~~.74 The information specified in paragraph .136(m) relates to the present value of the defined benefit obligation, the fair value of the plan assets, the surplus or deficit in the plan, and certain experience adjustments. This information is required for the current and previous four reporting periods. An entity discloses this information to the extent that it is available and/or was previously disclosed. For example, if an entity only has information about the last three reporting periods, then disclosure of the current year and three-year historical information is sufficient in the year of adoption.~~

…

A5. DIRECTIVE 4 *Transitional Provisions for Medium and Low Capacity Municipalities and Trading Entities*

Amend and delete the following paragraphs in Directive 4:

GRAP 25 *Employee Benefits*

Transitional provisions

All employee benefits

.82 All changes resulting from the application of the Standard of GRAP on Employee Benefits (GRAP 25) shall be accounted for retrospectively in accordance with the requirements of GRAP 3, except that:~~.~~

(a) An entity need not adjust the carrying amount of assets outside the scope of GRAP 25 for changes in employee benefit costs that were included in the carrying amount before the date of initial adoption. The date of initial adoption is the beginning of the earliest prior period presented in the first financial statements in which the entity adopts GRAP 25.

(b) An entity need not present comparative information for the disclosures required by paragraph .147 about the sensitivity of the defined benefit obligation.

~~.83 When an entity initially adopts a Standard of GRAP, GRAP 3 requires an entity to apply the requirements of the Standard being adopted retrospectively.~~

~~**Defined benefit plans**~~

~~***.84 On the initial adoption of GRAP 25, an entity shall determine the net liability (asset) for defined benefit plans at that date as:***~~

~~***(a) the present value of the obligations (see paragraphs .76 to .112 of the Standard) at the date of adoption;***~~

~~***(b)** minus the fair value, at the date of adoption, of plan assets (if any) out of which the obligations are to be settled directly (see paragraphs .113 to .122 of the Standard);*~~

~~***(c)** plus any liability that may arise as a result of a minimum funding requirement (see paragraphs .71 to .73 of the Standard).*~~

~~***.85** **If the amount determined for defined benefit plans on initial adoption of GRAP 25 is negative (an asset), the amount shall be measured using the asset recognition ceiling in paragraphs .68 to .70 of the Standard.***~~

~~***.86** **The net liability (asset) recognised at the date of adoption in accordance with paragraph .96 includes all cumulative actuarial gains and losses and past service costs.***~~

~~.87 The net liability (asset) on the date of adoption includes both recognised and previously unrecognised actuarial gains and losses and past service costs that arose in prior periods.~~

~~***.88** **Any difference between the net liability (asset) determined using GRAP 25 and the entity's previous accounting policy is accounted for retrospectively in accordance with GRAP 3.***~~

~~***.89** **In the year of adoption, an entity is required to present a reconciliation of the net liability (asset) determined using its previous accounting policy, and the net liability (asset) determined using GRAP 25, showing separately the effect of:***~~

~~***(a)** unrecognised actuarial gains and losses;*~~

~~***(b)** unrecognised past service costs; and*~~

~~***(c)** other changes.*~~

~~***The reconciliation shall be presented in the notes to the financial statements.***~~

~~***.90** **In the year that an entity initially adopts GRAP 25, it discloses the information in paragraph .136(m) to the extent that it is available and/or previously disclosed.***~~

~~.91 The information specified in paragraph .136(m) relates to the present value of the defined benefit obligation, the fair value of the plan assets, the surplus or deficit in the plan, and certain experience adjustments. This information is required for the current and previous four reporting periods. An entity discloses this information to the extent that it is available and/or was previously disclosed. For example, if an entity only has information about the last three reporting periods, then disclosure of the current year and three-year historical information is sufficient in the year of adoption.~~

…

A6. DIRECTIVE 8 *Transitional Provisions for Parliament and Provincial Legislatures*

Amend and delete the following paragraphs in Directive 8:

GRAP 25 Employee Benefits

Transitional provisions

All employee benefits

.50 All changes resulting from the application of the Standard of GRAP on Employee Benefits (GRAP 25) shall be accounted for retrospectively in accordance with the requirements of GRAP 3, except that:~~.~~

(a) An entity need not adjust the carrying amount of assets outside the scope of GRAP 25 for changes in employee benefit costs that were included in the carrying amount before the date of initial adoption. The date of initial adoption is the beginning of the earliest prior period presented in the first financial statements in which the entity adopts GRAP 25.

(b) An entity need not present comparative information for the disclosures required by paragraph .147 about the sensitivity of the defined benefit obligation.

~~.51 When an entity initially adopts a Standard of GRAP, GRAP 3 requires an entity to apply the requirements of the Standard being adopted retrospectively.~~

~~**Defined benefit plans**~~

~~***.52 On the initial adoption of GRAP 25, an entity shall determine the net liability (asset) for defined benefit plans at that date as:***~~

~~***(a) the present value of the obligations (see paragraphs .76 to .112 of the Standard) at the date of adoption;***~~

~~***(b) minus the fair value, at the date of adoption, of plan assets (if any) out of which the obligations are to be settled directly (see paragraphs .113 to .122 of the Standard);***~~

~~***(c) plus any liability that may arise as a result of a minimum funding requirement (see paragraphs .71 to .73 of the Standard).***~~

~~***.53 If the amount determined for defined benefit plans on initial adoption of GRAP 25 is negative (an asset), the amount shall be measured using the asset recognition ceiling in paragraphs .68 to .70 of the Standard.***~~

~~***.54 The net liability (asset) recognised at the date of adoption in accordance with paragraph .52 includes all cumulative actuarial gains and losses and past service costs.***~~

~~.55 The net liability (asset) on the date of adoption includes both recognised and previously unrecognised actuarial gains and losses and past service costs that arose in prior periods.~~

~~***.56 Any difference between the net liability (asset) determined using GRAP 25 and***~~

the entity's previous accounting policy is accounted for retrospectively in accordance with GRAP 3.

.57 In the year of adoption, an entity is required to present a reconciliation of the net liability (asset) determined using its previous accounting policy, and the net liability (asset) determined using GRAP 25, showing separately the effect of:

(a) unrecognised actuarial gains and losses;

(b) unrecognised past service costs; and

(c) other changes.

The reconciliation shall be presented in the notes to the financial statements.

.58 In the year that an entity initially adopts GRAP 25, it discloses the information in paragraph .136(m) to the extent that it is available and/or previously disclosed.

.59 The information specified in paragraph .136(m) relates to the present value of the defined benefit obligation, the fair value of the plan assets, the surplus or deficit in the plan, and certain experience adjustments. This information is required for the current and previous four reporting periods. An entity discloses this information to the extent that it is available and/or was previously disclosed. For example, if an entity only has information about the last three reporting periods, then disclosure of the current year and three-year historical information is sufficient in the year of adoption.

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings verstrek die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van sekere voorstelle wat verband hou met die rekeningkundige verantwoording van Werknemersvoordele. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel hierdie Standaard, maar maak nie deel daarvan uit nie.

Aanbieding van aktuariële winste en verliese

GG1. Die International Accounting Standard oor *Employee Benefits* (IAS 19®) (in 2011 gewysig) erken hermetings van die netto omskrewe las (bate) in ander omvattende inkomste eerder as in surplus of tekort. Omdat IPSAS nie ander omvattende inkomste erken nie, was die IPSASB van mening dat die erkenning van hermetings in netto bates/ekwiteit dieselfde rekeningkundige uitwerking as IAS 19 sou hê deur nie ŉ uitwerking op surplus of tekort te hê nie, met komponente van omskrewevoordeelkoste wat verskillende voorspellingswaardes het. Daarom het die IPSASB besluit om hermetings in netto bates/ekwiteit te erken.

GG2. Met die ontwikkeling van AERP 25 (2009) het die Raad oorweeg waar aktuariële winste en verliese vir die doeleindes van hierdie Standaard erken moet word. Sodoende het die Raad die aard van aktuariële winste en verliese oorweeg in die konteks van die vereistes in die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* (AERP 3).

GG3. By die meting van die verskillende komponente wat verband hou met die netto omskrewevoordeellas (-bate), bv. dienskoste, netto rente en opbrengs op planbates, gebruik 'n entiteit ramings. Indien werklike gebeure en omstandighede verskil van die oorspronklike ramings wat gebruik is, ontstaan aktuariële winste en verliese.

GG4. Hierdie aktuariële winste en verliese verteenwoordig die hersiening van die ramings wat deur bestuur gebruik is in die aanvanklike erkenning van die verskillende komponente van die netto omskrewevoordeellas (-bate).

GG5. Die Raad het om die volgende redes volle erkenning van aktuariële winste en verliese in surplus of tekort voorgeskryf:

- met die ontwikkeling van 'n Standaard van AERP poog die Raad om alternatiewe rekeningkundige behandelings waar moontlik uit te skakel. Deur die erkenning van aktuariële winste en verliese in surplus of tekorte te vereis, word hierdie doelwit bereik; en
- die Raad het die erkenning van winste en verliese buite surplus of tekort in ander Standaarde van AERP, byvoorbeeld in AERP 104, geminimaliseer op grond daarvan dat veranderinge in die waardes van bates en laste in surplus of tekort erken en in die staat van finansiële prestasie aangebied moet word.

GG6. As gevolg van hierdie faktore, tesame met die Raad se rasionaal dat, konseptueel, aktuariële winste en verliese veranderinge in ramings is, het hulle ooreengekom dat

aktuariële winste en verliese in surplus of tekort erken moet word in die jaar waarin dit voorkom.

GG7. Die Raad het ook ooreengekom dat enige bedrae wat voortspruit uit die toepassing van die perke vir die bate-erkenningsplafon en enige aanspreeklikheid, en veranderinge in daardie aanspreeklikheid, wat voortspruit uit die effek van enige minimum befondsingsvereiste, ook in die staat van finansiële prestasie erken moet word.

GG8. By die hersiening van AERP 25 om dit met die vereistes van die International Public Sector Accounting Standard oor *Employee Benefits* (IPSAS 39) in ooreenstemming te bring, was die Raad van mening dat hermetings (wat bestaan uit aktuariële winste en verliese, opbrengs op planbates en veranderinge in die effek van die bateplafon) in surplus of tekort erken moet word, om die redes wat in paragraaf GG4 tot GG7 bespreek word.

Openbaarmaking van inligting oor ander langtermyn-werknemersvoordele en diensbeëindigingsvoordele

GG9. IPSAS 39 sluit geen spesifieke openbaarmakingsvereistes of openbaarmakingsoogmerke vir ander langtermyn-werknemersvoordele en diensbeëindigingsvoordele in nie. Belanghebbendes het opgemerk dat daar in die praktyk inkonsekwente openbaarmaking van hierdie werknemersvoordele is, en dat openbaarmaking dikwels beperk is. Die Raad het erken dat die aard en omvang van entiteite se ander langtermyn-werknemersvoordele en diensbeëindigingsvoordele kan verskil, en dat dit toepaslik kan wees dat openbaarmaking verskil. Die Raad het ingestem om openbaarmakingsoogmerke vir ander langtermyn-werknemersvoordele en diensbeëindigingsvoordele by te voeg, tesame met meer voorbeelde van openbaarmakingsvereistes in ander Standaarde van AERP wat toepaslik kan wees vir entiteite om te oorweeg om die openbaarmakingsoogmerke te bereik.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor Employee Benefits (Julie 2016)

Hierdie Standaard van AERP is hoofsaaklik ontleen aan IPSAS 39. Die belangrikste verskille tussen hierdie Standaard en IPSAS 39 is soos volg:

- Sekere terminologiese veranderinge is aangebring; so byvoorbeeld word “profit sharing and bonuses” waarna in IPSAS 39 verwys word, in hierdie Standaard “bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings” genoem.
- Verwysings na ’n “period” of “accounting period” is gewysig tot “verslagdoeningstydperk” waar dit die vereistes van hierdie Standaard duideliker gemaak het.
- Voorbeelde wat in die toepassingsriglyne van IPSAS 25 vervat is, is in die teks van die Standaard opgeneem (ooreenkomstig IAS 19).
- Voorbeelde is vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas.
- In sekere gevalle is verwysings na kontraktuele ooreenkomste uitgebrei om die konsep van ’n “bindende reëling” weer te gee.
- IPSAS 39 skryf voor dat hermetings in netto bates/ekwiteit erken word. Hierdie Standaard skryf voor dat hermetings in surplus of tekort erken word.
- Hierdie Standaard sluit leiding in van die IFRIC®-vertolking van *The Limit on a Defined Benefit Asset, Minimum Funding Requirements and their Interaction* oor wanneer 'n minimum befondsingsvereiste tot 'n las aanleiding gee.
- IPSAS 39 laat entiteite binne verskeie jurisdiksies toe om die staatseffektekoers, korporatiewe effektekoers of die koers van 'n ander instrument te gebruik om die diskontokoers te bepaal wat aangewend moet word vir die diskontering van omskrewevoordeelverpligtinge. Hierdie Standaard verwys slegs na die staatseffektekoers aangesien dit die koers is wat in Suid-Afrika gebruik word.
- IPSAS 39 sluit nie openbaarmakingsoogmerke vir ander langtermyn-werknemersvoordele of diensbeëindigingsvoordele in nie. Openbaarmakingsoogmerke vir hierdie werknemersvoordele word in hierdie Standaard ingesluit.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van toepassing is, word anders as in IPSAS 39 hanteer.